VOLHARDEND

Dankie. Julle mag maar sit, net vir 'n oomblik. Jammer om julle so te laat staan het, maar hulle het 'n noodgeval gehad net toe ek ingekom het, so ek moes dit kry. 'n "Noodgeval" is wanneer hulle hier kom en moet teruggaan. Ons probeer hulle dadelik kry, want hulle kan nie bly nie.

Ek reken baie het al gewonder hoekom ons nie net die gebedslyn regoor die platvorm laat loop nie. Ek het 'n doel daarmee om te doen wat ek doen. (Sien?) Jy moet saad plant voordat jy ooit 'n oes probeer kry, jy sien.

En dan, onthou net, hou jou gebedskaart. Elkeen wat 'n gebedskaart het. Enigiemand wat een wil hê, kan een kry. God so wil, sal ons vir julle bid voordat ons hierdie stad verlaat. As dit twee weke vat om dit in te doen, sal ons—sal ons dit doen. So onthou julle nou net, en hou jou gebedskaart, bring jou bure en wat ook al siek is, en laat hulle 'n gebedskaart kry. Sodat daar vir hulle kan gebid word.

Maar ek het 'n doel om hierdie te doen: Eerstens, is om geloof te bou en om saad te saai. En dan, nadat julle verstaan, wanneer julle in die gebedsry kom, sal julle weet waarvoor julle kom. Ek het soveel daarvan gedoen gesien in my dae van bid vir die siekes in hierdie afgelope vyftien, agttien jaar: mense hardloop reguit in na die platvorm, met, van 'n . . . staan voor 'n noodoperasie, sê: "Ek voel beter, maar . . ." En dan binne 'n paar dae daarna, sê hulle: "Ek sal . . . Reken ek beter . . ." En hulle sal opereer en dit—dis—dis nie eens daar nie, jy sien, dis weg. En hulle—hulle verstaan dit nie, en weet nie dat hulle 'n—'n reaksie daarop moet hê nie. En—en hulle net, hulle verstaan nie.

My dienste was te vinnig, hardloop net in en hardloop uit 'n stad uit. Een van hierdie dae, as God wil en Jesus vertoef, wil ek na 'n stad kom en lank genoeg bly totdat ek die mense kan laat sien wat ons probeer doen: Boodskap van God aan die mense. Hulle dag, oggend, middag, aand onderrig. En net aanbly.

Somtyds wanneer hierdie, ons kry almal (wanneer hulle geen herlewings in die stad rond het nie), en elke prediker, sodat hy die bekeerlinge na die mense kan neem . . . na die kerke. Sien, ek het geen kerk nie, geen . . . Ek verteenwoordig net hulle almal, en probeer lidmate stuur na, waarnatoe hulle ook al wil gaan, dit hang van hulle af. Die hoofding: Is hulle wedergebore? Ken hulle Jesus Christus as Verlosser? Dan is dit die herbergier wat hulle daarvanaf moet vat, julle sien. God sal hom die gesag gee om hom op die pad te vat wat hy moet gaan.

En dis my werk om hulle net na Christus te wys, vir die siekes te bid, die olie in te gooi en hulle na die herbergier te neem. So dan, sorg hulle vir die res.

Nou, lyk of ons skares baie stadig gegroei het. Ek wonder net of dit is 'n. . .Ek onthou die laaste keer hier in Kansas, kon ons nie eens 'n groot genoeg plek kry om hulle in te sit nie. So ek wonder net: Is—is dit tyd dat herlewings, ons die verkeerde tyd gekom het? Of, wat's, wat het gebeur? Of, het mense net hulle liefde vir Christus verloor? Of, is dit, dat hulle vertroue in my verloor het? Of, wonder wat dit is? Ek weet ek het baie samewerking, want ek sien op die—die—die—die skedule en die pastore van die Gemeentes, en Kerk van God, en die verskillende kerke. En hulle. . .Iets het verkeerd gegaan.

Môre—aand, as die Here wil, wil ek. . .Ek hou daarvan om die Boodskap net in 'n ligter vorm te hou, sodat almal kan—kan verstaan, selfs die. . .hulle wat dalk nie sal verstaan nie. En dan wil ek môre—aand, min of meer, 'n evangelistiese diens hê, vir Saterdagaand.

Môre—oggend is die Volle Evangelie Sakemanne. En ek reken hier is 'n groep van hulle wat hier sit. Dis hulle ontbyt. Ek spreek internasionaal vir hulle. En eerlikwaar, ek dra een kaart in my sak, en dis die Volle Evangelie Sakemanne. Hulle is interdenominasioneel. Dis hoekom ek hulle kaart kan hê, is omdat ek nie net kan sê: "Ek behoort aan die Gemeentes"; "Ek behoort aan Verenigde"; "Ek behoort aan die Kerk van God", of. . .Sien, dit gooi al die bietjie invloed wat ek het, na een organisasie.

Ek glo God se kinders is oraloor versprei. Hulle is—hulle is oral rond. En toe ek die eerste keer hier gekom het (natuurlik weet julle ek was 'n Baptis), en toe ek hier onder die Pinkster, Volle Evangelie mense gekom het, die ondervinding van die nuwe geboorte geniet het, en die doop van die Heilige Gees, ensovoorts, het ek gedink: "Dis wat hulle Pinkster gemaak het." Ek het nie geweet dit was vol van—van klein denominasietjies van hulle eie nie, maar hulle het net soveel as wat die Baptiste het, so. . .(Julle Baptiste verstaan daar's primitiewe Baptiste, vrye wil, harde dop, al die ander verskillende soorte.) So ek het hiernatoe gekom. Ek het gedink: "Net, 'Pinkster' beteken een ding." Ek glo Dit steeds. Ons kan nie Pinkster organiseer nie. Dis nie 'n organisasie nie, dis 'n ondervinding. Julle sien? Dis reg.

So, ons het klein gemeenskappies, groepe, ensovoorts. Ons behoort nie van mekaar te verskil nie, maar, hoe hulle. . .net mense, dink ek. . .Ek het met baie van die leiers, ensovoorts, gepraat. Ek dink nie dis tussen die leiers nie, ek dink dis net, iemand kom in, veroorsaak een of ander oproer. Dis so goed soos Satan wil doen, julle sien. Net solank julle na mekaar skiet, skiet julle nie op hom nie. As ons net ons gesigte

omdraai, en op hom begin skiet, sal die groot Kerk van die lewende God tot Haar kleure kom; Christus sal kom. Ek glo dit. Hy wag op ons om dit te doen. En ek het my bes probeer, deur hierdie agttien jaar op die veld, om te probeer om—om dit bymekaar te bring, om al die harte verenig te sien, al die tente verby die grenslyn te strek.

Soos Broer Grant gesê het, nie lank gelede nie, in Texas (ek het 'n diens gehou by hom), en hy het gesê: "Broer Branham, ek—ek hou van daardie idee." Gesê: "Jy weet, dit herinner my aan 'n ou wat . . . een of ander bure, hulle het almal vir hulle 'n paar eende gekry, en—en elkeen het hulle in 'n poeletjie gesit in die agterplaas, en 'n heining daarom gesit." Hy het gesê: "Wel, jy weet, dit het begin reën en reën," (Julle weet hoe stadig Broer Grant kan praat.) gesê: "die poeletjie het aanhou hoër raak in elke erf, totdat dit so hoog geraak het, dit het bo—oor al die heinings gegaan," en gesê: "die eende het net oral rond geswem." Hulle was nie meer afgekamp nie. So ek dink as ons net die gety van God se seëninge hoër en hoër kan laat raak, jy sien, totdat ons almal in dieselfde dam sal wees, of, dieselfde meer. Ons is, buitendien. Dis klein geloofsbelydenisse en goed wat ons van mekaar skei. Maar deur kinders van God te wees, is ons almal onder een Familie: God.

'n Man het eenkeer 'n mielieland gehad. 'n Ander man het 'n mielieland gehad. 'n Vlieënier sou oorvlieg, sê: "Kyk hierdie kêrel se mielies, en daardie kêrel se mielies. Watter pragtige mielielande." Daardie mielies het aanhou groei en groei, totdat dit na 'n ruk bo—oor die heining geraak het, en een groot mielieland gemaak het. So ek dink dis hoe dit behoort te wees. Ons net . . . As ons bietjie groei. Maar solank ons onvolwasse is, sal ons steeds afgekamp wees. Maar wanneer ons volwasse raak, sal daar geen verskil in die veld wees nie. Ons sal almal een groot veld wees. God skenk, daardie dag, dat ek dit sal sien voordat ek vertrek.

Nou, onthou, môre—oggend se Sakemanne ontbyt word gehou by die . . . Was dit Ramada? Of, ['n Broer sê: "Holiday Inn."—Red.] Holiday Inn. Die Holiday Inn. En almal is uitgenooi. En ek dink hulle sal kaartjies daar hê, een of ander manier, hoe ook al hulle dit doen. En daardie Volle Evangelie Sakemanne, aan julle sakemanne, hier, is 'n goeie groep mense. Ek—ek sê julle, ek dink elke volle Evangelie man behoort daarin te wees, vir gemeenskap. Dis regtig waar. Hulle het paar goeie dinge. Soos ek vir hulle gesê het (ek spreek internasionaal vir hulle), maar, wanneer ook al hulle 'n denominasie daaruit maak, 'n heining daarom trek, dan gaan my kaart terug, uh-huh, ek wil dit nie hê nie, ek . . . dit moet vry wees vir almal.

So, julle weet Jakob het 'n put gegrawe, en die Filistyne het gedr- . . . hom daarvanaf weggejaag, en hy het dit "Afguns"

genoem. Hy het nog 'n put gegrawe, en hy het dit "Twis" genoem. Toe het hy die volgende put gegrawe, gesê: "Daar's plek vir ons almal." So, ons drink nou van daardie put, waar daar vir ons almal plek is, elkeen.

Nou, voel almal goed? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis goed. Dit, dit het goed geklink. Ek hou daarvan. Amen, beteken "laat dit so wees." Iemand . . . Ek het eenkeer gepreek, daar was 'n seun wat aan die Eerste Baptiste Kerk behoort het toe ek in Sending Baptiste was, en ek het gepreek. Daar was 'n suster wat dit regtig geniet het en sy het begin huil en skree. En hy was 'n redelike balspeler, en hy het my 'n paar dae daarna ontmoet. Hy het gesê: "Ek het gisteraand opgekom om na jou te luister, Billy, maar," gesê: "ek kon dit nie doen van al die mense wat 'Amen' sê nie."

En ek het gesê: "O."

En gesê: "Daardie vrou wat daar sit en huil," gesê: "dit het net so erg op my senuwees gewerk."

Ek het gesê: "O, dit behoort nie dit te doen nie." Ek het gesê: "Ek—ek dink nie . . ."

Hy het gesê: "Wel, ek kan my nie voorstel die Hemel sal so wees nie."

Ek het gesê: "Ek kan beslis."

Hy het gesê: "Wel, dit het net koue rillings teen my rug laat ophardloop."

Ek het gesê: "As jy ooit by die Hemel kom, sou jy doodvries, as jy daardie raserige groep Daarbo hoor. Uh-huh, uh-huh. Jy's die . . . Hierdie is die stilste plek waar jy ooit sal bly. Ek sal jou dit sê. Want as jy hel toe gaan sal daar geween en gehuil en gekners van tande wees. As jy Hemel toe gaan, wel, selfs die Engele stop nie, dag en nag, om te skree: 'Heilig, heilig, heilig, is die Here God Almagtig,' nie. Sien? Wel, sulke 'Halleluja's!' en: 'Amens!' en: 'Prys die Here!': Wel, jy het nog nooit so—iets gehoor, tot jy daardie ontmoeting Daarbo hoor nie."

So, hierdie is 'n stil plek. En ek was nog altyd bang vir enigiets wat stil is. Dit klink dood. So ek—ek's nie eintlik baie vir daardie dooie goed nie. So, enigiets sonder emosie, is dood. Die wetenskaplike navorsing sal dit bewys: enigiets sonder emosie. So as jou ondervinding nie 'n bietjie emosie in het nie, beter jy dit begrawe en iets kry met 'n bietjie emosie daarin. Dis reg. Dis presies waar.

Nou, ons almal is liefde met Hom, is ek seker. Maar daar is 'n groot afkoeling onder die mense. Die herlewing is verby. Die vure gaan dood. Sien, dis tyd vir iets om te gebeur. Julle weet, in die ou Romeinse tempel, die tempel van Vesta, wanneer die

vure doodgegaan het, het almal huis toe gegaan, so daar is geen sake gedoen nie. En ek dink dis . . . Ek is net omtrent genoeg Quaker om dit te glo, dat dit—dat dit so moet wees.

2 Nou ek dink, vanaand, ek het dit elke aand uitgelaat, maar . . . Ek—ek wil graag hierdie Woord van God respekteer, omdat ek dink dis God se Woord, en Dis Hy. Dis Hy in lettervorm. Die letter self, dis, jy moet die Gees daar hê om die letter lewendig te maak. So nou vir respek vir hierdie Woord, laat ons staan terwyl ons Dit lees. Markus, die 7de hoofstuk en vanaf die 24ste vers, en af lees na die 30ste vers, inklusief. Julle wat julle Bybel het, en wil soort van net 'n teks neem vir net 'n klein formele aanplanting, miskien, van 'n bietjie saad vanaand weer, om daardie geloof te bou totdat die tyd aanbreek.

3 En terwyl ek voel dat die Gees daardie klimaks gegee het, net dan sal elkeen van julle na die platvorm geroep word. Moenie—moenie bekommerd wees nie, dit sal net dan wees. Maar totdat die Gees by 'n plek kom na waar jy voel dat die mense dit begryp het!

4 Wat help dit om hier op te kom, as jy net hier opstap? Jy stap deur Tommy Hicks se ry, en Tommy Osborn, en Oral Roberts, en heen-en-weer deur die ry. Dit verswak net jou geloof. Dis al.

5 Wanneer jy hiernatoe kom met 'n volle versekering dat jy nie voor jou broer, of enigiemand anders, stap nie, jy kom hier omdat die Gees van God in jou, jou versoek het om te kom, gaan iets gebeur. Daar is niks wat jou daarvan gaan weerhou nie. Tot dan, is jy net op 'n wandeling, reg rondom; volgende prediker wat in die dorp inkom, reg rondom; volgende prediker wat kom, reg rondom. Dit help nie. Daar is niks in 'n prediker nie, net so min as wat daar in jou man of jou broer is, of wat dit ook al mag wees. Ons is net verteenwoordigers van Hom, wat vir jou die Woord vertel. Party van hulle het verskillende gawes, wat die Bybel praat van hierdie gawes. Dit word alles gedoen om Sy Teenwoordigheid te bevestig.

6 Nou as dit ek was, of julle met my, as julle nie mekaar se woord kan neem nie, wel, dit sou dit afhandel. Maar God, vol genade, Hy stuur gawes en bevestiging, om te bewys, en net so . . . Hy is so lydsaam, so sagmoedig en goedhartig, dat Hy—Hy nie een wil laat verlore gaan of een laat seerkry nie. Hy wil seker wees dat elkeen van julle ingaan. Goed.

7 Nou het julle die Bybels geblaai na die 7de hoofstuk van Markus, en die 24ste vers.

> *En Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van Tirus en Sidon vertrek, en toe Hy in die huis gegaan het, wou Hy* nie . . . *jou Hy nie dat iemand dit sou weet nie; maar Hy kon nie verborge bly nie.*

Want 'n vrou wie se dogtertjie 'n onreine gees gehad het, het van Hom gehoor en gekom en voor Sy voete neergeval.

En sy was 'n Griekse vrou, 'n Siro-Feniciese van geboorte, en sy het Hom gevra om die duiwel uit haar dogter uit te dryf.

Maar Jesus sê vir haar: Laat die kinders versadig *word; eers versadig word; want dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir. . .hondjies te gooi nie.*

En sy antwoord Hom en sê vir Hom: Ja, Here, maar die hondjies eet darem onder die tafel. . .die kinders se krummels.

En Hy sê vir haar: Ter wille van hierdie woord kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar.

En toe sy huis toe gaan, vind sy dat die duiwel uitgevaar het en dat haar dogter op die bed lê.

8 Nou laat ons bid, en met ons hoofde gebuig, en ons harte. Ek wonder, terwyl ons bid, hoeveel hierbinne wil graag onthou word in gebed vir een of ander spesiale iets, sal julle julle hand opsteek, miskien: "Here, laat dit ek wees, vanaand," sien, of: "Ek het 'n geliefde, laat dit hulle wees, vanaand."

9 Ons Hemelse Vader, U ken die behoeftes voordat ons selfs gevra het. Jesus het dit vir ons geleer: "Julle Vader weet wat julle nodig het voor julle gevra het," maar tog moet ons vra.

10 Toe Hy oor die oes gekyk het, Hy was die Here van die oes, en Hy het gesê: "Die oes is ryp, die arbeiders is min; vra julle die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes sal instuur," wat Hom so gebonde maak aan die mens, dat Hy net deur die agentskap van die mens werk. Hy het die mens gekies om vir Hom te werk. Hy kon die son gekies het om die Evangelie te preek, Hy kon die winde gekies het, of die bome, of die sterre. Maar Hy het die mens gekies, versluier Homself binnein, versteek Homself van die ongelowige, openbaar Homself aan wie Hy wil.

11 Here God, ons is hier vanaand vir geen ander doel behalwe om te sien dat U Uself aan ons openbaar, deur die vergifnis van sondes wat ons gedoen het nie, en—en ons te help, en heiliges aan te moedig langs die pad, sondaars te red, teruggevallenes terug te roep na die gemeenskap van die Hemelse Vader en na die Kerk van Gelowiges, die Eersgeborene. Skenk dit, Here.

12 U weet wat agter elkeen van daardie hande is wat opgegaan het. U weet wat onder dit was, onder die hart. U ken hulle begeerte. Ek offer my gebed namens hulle, dat U vir elkeen van hulle hulle begeerte sal gee. My hande was ook op, Here. Skenk ons versoeke.

13 Seën die lees van U Woord. En nou soos ons ’n teks neem, bid ons dat U vir ons die konteks sal ontvou, dat ons Hom beter mag ken. En wanneer ons hier vertrek, vanaand, mag ons sê soos hulle wat van Émmaüs af gekom het, nadat Hy opgestaan het uit die dood. En hulle het heeldag saam met Hom gewandel, met Hom gepraat, en tog het hulle nie geweet Wie Hy was nie. Daar is baie in hierdie stad, vanaand, Here, wat ongetwyfeld met U gepraat het en saam met U gewandel het, en tog nooit U Teenwoordigheid herken het nie.

14 Maar daardie aand, toe U . . . toe hulle gevra het dat U inkom en met hulle vertoef, Kléopas en sy vriend, en toe U die deur toegemaak het en U gaan sit het, het U iets gedoen net soos U dit gedoen het voor U kruisiging. Geen ander mens het dit so gedoen nie. U het dit op U Eie manier gedoen, en, daardeur, het hulle geweet U was die herrese Christus. Vinnig het U voor hulle aangesigte verdwyn. En met ’n ligte hart, vol vreugde, het hulle hulleself vinnig aangesluit by die res van die apostels, en gesê: “Inderdaad, Hy het uit die dood opgestaan.”

15 En wanneer ons hierdie gebou verlaat, vanaand, mag ons U op die toneel sien kom en dieselfde dinge sien doen, wat U gedoen het voor U kruisiging, soos U belowe het U weer sou herhaal in die laaste dae. En skenk, Here, dat wanneer ons vertrek, ons sal gaan soos hulle, en sê: “Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad nie?” Want ons vra dit in Sy Naam en tot Sy heerlikheid. Amen.

Julle mag maar sit.

16 Ek wil graag net een woord neem vir ’n teks, vanaand, en die woord wat ek wil neem word genoem: *Volhardend*.

17 Julle mag sê: “Broer Branham, dis ’n—dis ’n baie klein woordjie vir drie of vierhonderd mense wat hier sit vanaand,” of wat ook al dit is; ek is ’n swak skatter van—van—van ’n gehoor. En julle sê: “Dis ’n baie klein woordjie.” Wel, dit is nie die—die grootte nie, dis—dis—dis eintlik wat ek daaroor gaan sê.

18 Nou, *volharding*, volgens Webster, dis—dis om te . . . dis—dis ’n—’n woord, wat, jy’s “om volhardend te wees,” ook, beteken om volhardend te wees om te probeer om ’n doel te bereik, iets te—te probeer oorbring, iets te probeer doen. Jy is volhardend wanneer jy volhard.

19 Nou, alle Christene moet volhardend wees. Hulle moet volhard. En die enigste manier wat jy in staat is om—om dit te doen, is om eers geloof te hê in wat jy probeer doen. En as jy geen geloof het nie, jy net daarteen spring, dan kan jy—jy—jy nie, kan nie volhard nie. Maar wanneer jy regtig weet dis die Waarheid, dan is daar niks wat jou gaan stop nie, dan is jy werklik volhardend.

20 En mense van alle eeue, wat ooit in staat was om enigiets te doen, en geloof gehad het in wat hulle probeer doen het, was volhardend.

21 Byvoorbeeld, soos wat ons noem die vader van ons volk, George Washington. Hy was volhardend, toe, hy, daardie oorwinning probeer behaal het oor die Britte, en die ysige Delaware oorgesteek het. Hy was volhardend. Daar was niks. . . Sy soldate, helfte van hulle, het nie eens skoene aan hulle voete gehad nie; hulle voete was toegedraai in lappe. Die winde het gewaai. Maar hy het heelnag gebid, en hy het die oorwinning in sy hart gehad. En daar was geen Britse leër of niks anders wat hom sou stop nie, ook kon die ysige rivier nie. Hy het deurgebid, en daar was geen struikelblok wat hom sou stop nie. Hy was volhardend, en hy het die taak behaal wat hy probeer het om—om te doen, omdat hy die antwoord van God af gehad het.

22 Wanneer ’n man sy antwoord van God af kry, is daar niks wat hom gaan stop nie.

23 Meeste mense vandag, soos ek myself sal herhaal van gisteraand af, wat sê hulle het hoop in plaas van geloof. Jy vind mense wat op die platvorm kom, hulle—hulle is net opgebou in hoop.

24 “Maar geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys.” Dis nie ’n mite nie; dis nie verbeelding nie. Dis iets wat jy het. Jy het dit alreeds. En jy’s net so gelukkig daarmee, daardie geloof wat jy het, as wat jy sou wees as wat jy die voorwerp in jou hand gehad het.

25 Byvoorbeeld, soos hierdie, as ek aan die doodgaan was van die honger; en ’n brood vyf-en-twintig sent gekos het, wat die brood sou—sou koop. Nou, wanneer ek die vyf-en-twintig sent stuk in my hand het, is ek net so gelukkig as wanneer ek die brood in my hand het, want dit is die koopprys van die brood.

26 En wanneer ek in my hart weet dat ek dit aanvaar het, en ek glo dat God dit vir my gegee het, is ek net so gelukkig met daardie geloof as wat ek sou wees as ek genees was, want ek gaan in elk geval genees word. Ek het nou die voorwerp, niemand kan dit van my wegneem nie. Ek weet dis reg, en ek kan volhardend wees daarmee.

27 Wanneer God sê iets gaan gebeur, soos die visioene of iets. Ek het tienduisende van hulle gesien, en baie van julle is ’n getuie, en nie een van hulle het ooit gefaal nie. En wanneer God enigiets sê, ek nie. . . as Hy sou sê, vanaand: “Gaan na die nasionale begraafplaas, want Ek gaan vir George Washington in die môre oprig,” sou ek die hele wêreld uitnooi om dit te kom dophou, dit gaan gebeur.

28 God se Woord kan nie faal nie. Hy het nooit gefaal nie, en Hy kan nie faal nie. Daar is een ding wat God nie kan doen nie, en dit is faal. Hy kan nie faal nie. En God is Sy Woord.

29 Nou, Noag het in 'n wetenskaplike eeu gelewe toe hulle was, miskien, na die maan kon skiet met radar. Jesus het gesê dit was 'n dag soos hierdie. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

30 Nou, ons weet, onder in Egipte sien ons daardie piramides. Ons kan hulle nie vandag namaak nie. Ons het geen krag om dit te doen nie. Hulle het atoomkrag beetgekry, of—of een of ander soort krag wat die piramides gebou het. Ons kan nie daardie rotsblokke daarbo sit nie, op geen manier nie. Ook kan ons nie daardie sfinkse namaak nie. Daar is geen manier om dit te doen nie. Ons het nie die materiaal om 'n mummie te maak, 'n liggaam te balsem wat selfs vir duisende jare natuurlik lyk nie. Ons het daardie kuns verloor. 'n Kleurstof wat nie vervaag nie; baie dinge wat hulle toe gehad het waarvoor ons nou heeltemal blind is. En hulle het daardie piramide gebou wat so in die middel van die aarde sit, maak nie saak waar die son is nie, daar is nooit 'n skaduwee rondom dit nie, nooit 'n skaduwee by die piramide nie. O, die argitektuur, die—die—die instrumente wat hulle—hulle gehad het, is ver bokant nou.

31 En Noag het gelewe in daardie intellektuele, wetenskaplike eeu. Noag het. En hy was 'n profeet, en die Here het vir hom gesê dit gaan reën. En nadat Noag die stem van God gehoor het, as 'n profeet vir die stem van die Here, Woord van die Here kom na Sy profeet, en hy het geweet dit gaan reën; maak nie saak wat enigiemand anders gesê het nie, of dit ooit gereën het nie.

32 En dit het nooit tevore gereën nie. God het die grond besproei, die plantegroei, met—met besproeïng uit die fonteine, ensovoorts, in die aarde. Daar was nooit 'n wolk in die lug nie, maar tog het Noag geweet daar sal water van bo af kom. Hoe gaan Hy dit doen? Hy weet nie, maar, hy was so volhardend, hy het gegaan en 'n ark gebou volgens die spesifikasie wat God vir hom gesê het om dit te bou, want hy het die stem van God gehoor, en het in die Teenwoordigheid van God gestaan toe die stem van God gemanifesteer is aan hom.

Dit behoort hierdie wedergebore Kerk aan die brand te steek, volhardend!

33 Ek gee nie om hoeveel kritici daaroor lag nie, hoeveel sê dit kan nie so wees nie, en dan daar uitgaan en dit wetenskaplik bewys, die radar na die maan skiet en wys daar is nie so-iets soos water in die hemele nie. Maar Noag het geweet dat as God, in Sy Teenwoordigheid gestaan het, en Hy is die God wat dit vir hom gesê het, en Hy was duidelik geïdentifiseer dat dit God se Woord was, en gestaan in die Teenwoordigheid van

God, was hy—was hy volhardend. Hy sou die ark bou, in elk geval; en niemand wou hom help nie, hy sou dit self bou. Hy was volhardend omdat hy geweet het dit was die Woord van God, en hy het dit gebou.

34 Ek kan dink van—van hoe Moses, 'n groot geleerde, hy was so slim totdat hy kon—hy kon wysheid aan die Egiptenare leer. Hy kon die onderwysers leer. Hy het al die—die teologie geken wat die Egiptenare geken het, en van sy Hebreeuse familie. En hy was 'n slim, gevatte man, 'n groot. . . Ons word geleer hy was 'n militêre man. Maar hy het totaal misluk, want, een ding. Hy het hierdie Egiptenaar doodgemaak, en sy geleerdheid het geëindig; toe hulle hom toe aangekla het: "Sal jy ons doodmaak soos jy die Egiptenaar het?" Gedink sy broers sou dit verstaan. En hy—hy het heeltemal misluk.

35 En dit bring my na hierdie gedagte. Dis die rede, vanaand, waarom ons stelsels gefaal het. Dis die rede waarom ons nooit in staat sal wees om mense tot God te leer nie. Ons sal nooit in staat wees om hulle tot God te denomineer nie. Ons het al hierdie stelsels probeer, en hulle het almal gefaal, soos, gefaal soos die toring van Babel. En hulle sal dit altyd doen.

36 God, die onveranderlike God, het Sy besluit gemaak by die tuin van Eden, hoe Hy die mens sou red.

37 En wanneer God ooit 'n besluit neem, moet dit altyd so bly. Hy kan nie verander nie. Hy kan nie slimmer word nie. Hy is die bron van alle intelligensie. Maak nie saak wat ons wetenskap sê nie, as dit teen die Intelligensie of die Woord van God is, is dit teenstrydig, is dit nie reg nie. Ek gee nie om hoe wetenskaplik dit bewys kan word nie, dis steeds verkeerd.

38 God het besluit Hy sou die mens red deur die gestorte Bloed van 'n Onskuldige. Hulle het stede probeer bou, hulle het hulle probeer verenig, hulle het torings probeer bou, hulle Daarin probeer inleer, en hulle gaan die heeltyd verder weg. Jy sal nooit in staat wees om 'n mens te red totdat hy terugkom na die Bloed nie. Dis die enigste plek wat God ooit 'n mens sal ontmoet. Nie deur sy intellek nie, nie deur hoe slim hy is, hoeveel manne hom 'n priester gemaak het, of 'n biskop, of 'n staatsopsiener, of wat ook al dit mag wees, prediker, diaken nie, dit is nie die gronde waarop God 'n man ontmoet nie. Hy ontmoet hom op die gronde wanneer hy onder die gestorte Bloed is. Dis die enigste plek wat Israel ooit in staat was om God te ontmoet, om te aanbid, was onder die gestorte bloed. Dis God se voorsiende weg. Geen ander weg sal werk nie. En onder die gestorte Bloed, ontmoet God die mens en staan in die teenwoordigheid van die mens.

39 Moses, hierdie vlugtende intellektueel, vlugtende profeet, buite in die agterkant van die woestyn, en getrou met hierdie pragtige Ethiopiese vrou, en het gelewe, het 'n kind

gehad, klein Gersom. En eendag terwyl hy rondgestap het in die woestyn, die agterkant van die woestyn, 'n ou man van tagtig jaar oud, gelyk asof hy heeltemal uit gebruik was, as 'n prediker, maar hy het 'n bos gevind wat gebrand het met Vuur, en dit het nie verteer nie. En hy het afgedraai en gekyk wat gebeur het, en in hierdie Teenwoordigheid van God ingekom; en die Teenwoordigheid van God gehoor, die stem van God gehoor, terwyl hy in Sy Teenwoordigheid was, toe hierdie Vuurkolom in hierdie bos gelê het, met hom gepraat het. Waar, hy selfs bang was om naby Egipte te gaan, in wete dat Farao sy lewe gaan neem, is daar niks wat hom nou gaan stop nie.

40 En partymaal wanneer 'n man in die Teenwoordigheid van God kom, en die stem van God hoor, doen hy dinge so—so radikaal teenoor die gewone denke van die mense, dat dit belaglik klink.

41 Die volgende dag nou. 'n Man wat bang was om 'n leër te vat om Egipte aan te val, al die slawe wat daar in Egipte was, hy bang was om Farao so aan te val; hier is hy, die volgende dag, tagtig jaar oud, baard wat die heelpad afhang tot by sy middellyf, sy kaal kop wat blink, 'n krom stok in sy hand, sy vrou wat op 'n muil sit met 'n kleintjie op haar heup, wat afgaan, met sy oë opgerig, God verheerlik.

"Waarheen gaan jy, Moses?"

42 "Gaan onder na Egipte, oor te neem." 'n Een-man inval! Waarom? Hy was in die Teenwoordigheid van God. Hy het gesien wat God met 'n stok kon doen. Hy't nie geweet wat Hy met 'n leër kon doen nie. Hy't geweet wat Hy met 'n stok kan doen.

43 Ek weet nie wat Hy kan doen met 'n denominasie nie. Ek weet wat Hy kan doen met een man wat homself heeltemal sal oorgee aan Hom. Al wat Hy nodig het, een persoon, dis jy. Dan is hy volhardend. Niks gaan hom stop nie.

44 Moses het in die Teenwoordigheid van God gekom, Sy stem gehoor in 'n—'n wonderwerk-teken. Hy't geweet Hy was 'n verterende Vuur, en hier is Hy in die Vuurkolom agterin 'n bos. Al sy geleerdheid, al sy teologie, het hom verlaat. En hy't een ding geweet: Daar was 'n God, en hy het Sy opdragte gehad. 'n Krom stok was goed genoeg. Hy was in die Teenwoordigheid van God.

45 Maak nie enige verskil hoeveel opgeleide manne Egipte gehad het nie. Geeneen van hierdie dinge het iets beteken vir Moses nie. Hy was in die Teenwoordigheid van God, en hy was volhardend. Hy gaan af om oor te neem, teen skulde en opgeleide manne, by die tienduisende, met 'n krom stok in sy hand. Stop hom as jy kan. Daar is niks wat hom gaan stop nie. En hy het dit gedoen, hy het afgegaan om oor te neem, omdat hy volhardend was toe hy absoluut geweet het dat hy in die

Teenwoordigheid van God was, en die stem van God gehoor het uit die Teenwoordigheid van God. Amen. Nie net was die stem nie, maar dit was ’n Skriftuurlike stem.

Daar is alle soorte stemme. Gaan dit na met die Woord.

46 Die stem het gesê: “Ek is die God van Abraham, Isak en Jakob. Ek het ’n belofte gemaak dat Ek daardie mense sal verlos. Die tyd is op hande. Ek het hulle weeklaag gehoor, gesien hoe hulle slawedrywers hulle belas, en Ek het My belofte onthou. En Ek het afgekom om hulle te verlos, en Ek stuur jou om dit te doen.” Dis goed genoeg. Hy het Sy Heerlikheid gesien, daar het hy gegaan.

47 Dawid was baie volhardend toe hy oorgekom het na die—die leërs van Israel, wat gestaan het teen ’n steilte op daardie tydstip, en oorkant die stroompie en oorkant aan die anderkant was die—die Filistyn. Daar was Góliat, die groot uitdager, omtrent twee keer die grootte en hoogte van ’n gewone man, veertien-duim vingers; en ’n groot spies, paar voet lank, wat daar kon staan en net ’n man daarmee optel, soos *daardie*, en hulle afgooi; hulle uitslaan, hulle op die spies optel en hulle weggooi, soos hulle teen die heuwel opkom.

48 En wanneer die vyand weet dat hy die botoon voer teen jou, hou hy daarvan om te spog. So hy het gesê: “Laat ons nie soveel bloedvergieting hê nie.” Gesê: “Saul, laat ’n paar van jou manne hiernatoe kom, en met my veg. En as ek hom doodmaak, wel, dan, dien julle ons. Maar as hy my doodmaak, sal ons julle dien.” Sien, wanneer die vyand die botoon voer.

49 En elke soldaat was net so bewerig dat hy—hy kwalik sy wapenrusting kon aanhou. En Saul, die sterkste van hulle almal, kop en skouers bo sy leër, hy kon nie waag om hom aan te raak nie, en tog veronderstel om die gesalfde van die Here te wees.

50 Maar daar het uit die wildernis gekom, ’n klein krom-skouer, rooierige kêreltjie, wat ’n slingervel in sy hand gehad het. En daardie reus het sy uitdaging voor die verkeerde man gemaak. En Dawid het gesê: “Wil julle vir my sê dat julle daardie onbesnede Filistyn daar sal laat staan en die leërs van die lewende God uitdaag? Bedoel julle om vir my te sê dat julle so-iets sal doen?”

51 Nou sy broers het gesê: “Nou jy’s stout. Gaan jy nou terug daarbuite by die skape, waar jy hoort.”

52 En die nuus het Saul bereik. Saul het gesê: “Bring die seun hier, laat ek na hom kyk.”

53 En toe hy opkom, ’n klein krom-skouer, rooierige kêreltjie wat daar staan, miskien hare wat onder in sy oë hang. En hy het gesê: “Wel, jy, jy kan nie met daardie man veg nie.” Gesê: “Jy’s net ’n klein kêreltjie, ’n klein—klein rooierige mannetjie,

en in jou jeug. En hy was ’n kryger van sy jeug af.” Hy het gesê: “Jy kan hom nie beveg nie. Ek bewonder jou moed, maar die . . . dis te groot.”

54 En wat het gebeur? Hy het gesê: “Laat ek sien of jy my wapenrusting kan gebruik.” So hy het sy wapenrusting vir hom aangetrek, vir hom sy skild gegee.

55 Wel, arme klein Dawid kon dit nie uithou nie. Hy—hy—hy het gesê hy—hy het niks daarvan geweet nie. Hy het uitgevind dat Saul se kerklike onderbaadjie nie ’n man van God gepas het nie.

56 So hy het gesê: “Ek sal hom wegstuur en vir hom ’n opleiding gee, ’n Ph.D., LL.D., ensovoorts, en kyk wat hy daaraan kan doen.”

57 Hy het gesê: “Ek weet niks van hierdie dinge nie. Haal hulle van my af. Ek—ek weet niks hiervan nie.”

58 “Maar daar is een ding wat ek wel weet. Ek het my pa se skape opgepas, en ’n leeu het ingekom en een van hulle gekry. En ek het agter hom aangegaan, want my pa het vir my opdrag gegee om daardie skape op te pas.” Amen. En enige goeie skaapwagter is ’n skaapoppasser. En hy het gesê: “Ek het niks behalwe hierdie slingervel in my hand gehad nie, maar ek het hom neergefel; en toe hy teen my opgestaan het, het ek hom doodgemaak. En ’n beer het ingekom en een gekry. Ek het agter hom aangehardloop en dit uit sy mond uitgehaal; en toe hy opgestaan het, het ek hom doodgemaak.” En gesê: “Hoeveel te meer sal God van Israel, God van Hemel, daardie onbesnede Filistyn in my hand gee!”

59 Daardie kêreltjie was volhardend omdat hy geweet het waarvan hy gepraat het. Hy het geweet Wie hy geglo het, en was heeltemal oortuig dat Hy in staat was om dit wat aan Hom toevertrou is tot die dag, te behou. Nou hy het net ’n slingervel gehad, dis al wat hy gehad het. Hy het gesê: “Ek sal gaan veg teen die Filistyn.” Want, die rede waarom hy so volhardend was, hy het geweet as God, onder die sorg van ’n skaap, hom gehelp het om die skaap terug te verlos vir sy pa, hoeveel te meer ’n mens.

60 Nou dink daaraan, alle predikers. En ons voel so oor julle skape, vanaand. Die duiwel het gekom en julle getref met ’n siekte. Dis reg. Hy’t julle uit goeie gesondheid gehaal. Ek—ek het geen Ph.D. nie. Ek het geen LL.D. nie. Ek het selfs nie eens ’n laerskool opleiding nie. Maar ek weet wat ek wel het. Ek kom agter julle aan, vanaand, om julle terug te bring na die skaduryke groen weivelde en die stil waters. Dis waarvoor ons hier op die platvorm is, vanaand, is om julle te kom kry, julle uit die hand van die leeu daarbuite uit te ruk, julle terug te bring. Wees geduldig, luister aandagtig en hou dop, probeer vind wat ons probeer doen, is om julle te probeer help.

61 Nou, Dawid was baie volhardend, omdat hy geweet het Wie hy geglo het, en hy geweet het hy was in staat om toe te vertrou; wat hy aan Hom toevertrou het, Hy in staat was om dit te hou.

62 Ons vind uit dat, Simson, nog 'n groot rigter in Israel, en dat party mense Simson voorstel om 'n—'n skouers te hê soos 'n skuurdeur; nou dit sou niks vreemd daaraan wees, om 'n man te sien wat die hekke van Gasa kan optel en daarmee uitstap, of 'n leeu kan neem en hom uitmekaar skeur nie. Maar, julle weet, Simson was net 'n baie klein. . . in die straat-uitdrukking, 'n dwergie, baie klein, ou krul-kop, verwyfde, mamma se seuntjie, sewe krulletjies. Dit was 'n snaakse ding. Toe, hulle gedink het dat 'n man, 'n yslike groot tien-voet man, 'n leeu kon optel, sekerlik, en hom doodmaak. Maar die vreemde ding was, hierdie kêreltjie was blykbaar hulpeloos totdat die Gees van die Here oor hom gekom het. Dit was nie Simson nie. Dit was die Gees van die Here.

63 Dis waarom dit nie die apostels was nie. Jesus het hulle almal gekies, omtrent elkeen van hulle sonder selfs genoeg opleiding om hulle naam te teken. Hy het nie priesters gekies nie. Hy het nie teoloë gekies nie. Hy het vissermanne en veewagters gekies, die onkundige en ongeleerdes, sodat Hy dit in Sy hand kon neem, en niks kon neem en iets daaruit maak. Dis Sy natuur. So Hy neem nie opgeleide skole en opgeleide skoliere nie, Hy neem iets wat besef dis niks. Hy gaan daarin en maak iets daaruit.

64 Ons vind uit dat hierdie Simson 'n Nasareër was, hy het sewe krulletjies gehad wat teen sy rug afgehang het. En wanneer die Gees van die Here oor hom gekom het, het hy niks gevrees nie. Waarom? Hy was volhardend solank hy daardie Nasareense belofte met hom kon voel. Solank hy daaragter kon omreik en daardie lokke voel, het hy geweet hy was in die wil van God, en niks kon hom bind nie. Die stad kon hom nie bind nie. 'n Leeu kon hom nie doodmaak nie. Hy het die kakebeen van 'n muil geneem, en dit droog, en 'n duisend Filistyne platgeslaan, daarmee.

65 Het julle geweet daardie helms, daardie koperhelms, was meer 'n duim dik? Julle weet wat met 'n ou woestyn-droë been sou gebeur wat daarteen sou slaan? Wel, dit sou in 'n miljoen stukkies bars. Maar hy het daar gestaan, eiehandig, met hierdie kakebeen van 'n muil, en oor hulle kop geslaan, en 'n duisend Filistyne doodgemaak. Waarom? Hy was volhardend. Elke keer wat hy geslaan het, het hy daardie Nasareense belofte voel terugbeweeg oor hom.

66 Hoeveel behoort die kerk, vanaand, wat aanspraak maak dat julle gebore is uit die Gees van God! Staan in die diens en sien die bevestiging van die herrese Jesus Christus, en wat

aanspraak maak om gevul te wees met die Heilige Gees, en kan stil sit en sien dat Satan julle rondstoot soos hy maak? Dis 'n vreemde ding. Solank jy die Teenwoordigheid van die Heilige Gees kan voel, weet dat dit Sy Woord is en Sy belofte vir hierdie dag, behoort julle volhardend voort te gaan totdat dit alles verby is. Volhardend! Bly daarby! God het dit belowe. Dis nie jy nie. Dis God!

67 Wat van die klein maagd Maria. Nou aan julle vroue. Nou sy was net 'n gewone meisie wat gewoon het in 'n baie gemene stad, baie erger as Topeka. En sy het daar gewoon, maar sy het 'n opregte skoon lewe gelei, en sy was verloof aan 'n man met die naam van Josef. En eendag was sy op haar pad na die put, om 'n bietjie water te kry, en 'n groot Lig het voor haar verskyn. En 'n Engel het daar gestaan, wat Gabriël was, en vir haar gesê dat sy 'n kind sou—sou baar, sonder om 'n man te ken. En terselfdertyd, vertel van Elisabet, haar—haar niggie, wat oud was, Sagaría se vrou, en sy het swanger geword in haar oudag.

68 En nou Maria, julle kan voorstel wat 'n bespotting dit vir die mense sou wees, om te dink dat hierdie jongmeisie, wat uitgaan met hierdie seun, vas, en hier gaan sy ma word. Maar dit het geen verskil aan haar gemaak nie. Sy was in die Teenwoordigheid van God. Sy het die Stem van God gehoor. Sy het nie omgegee vir die bespotting van die mense, of die gelag van die mense, of wat hulle daarvan gesê het nie. Sy was volhardend. Bo deur die heuwelland het sy gegaan!

69 En vroue was nie toe soos hulle nou is nie, gaan hier uit met kortbroeke aan; en 'n paar dae voor bevalling, buite op die straat voor mans nie. Dis 'n skande vir die mensdom. Dis reg.

70 Sy het haarself verberg. En Mariatjie het opgekom voor sy sou ma word, en opgegaan met die heuwels van Judéa om Elisabet te sien. En terwyl Elisabet haarself verberg het, sonder twyfel, sy een oggend deur die gordyn gekyk het, het sy hierdie jongdame sien opkom, wat hardloop, en sy het herken as haar—haar niggie, Maria. En soos vroue toe, hulle gehou het daarvan om mekaar te sien, hulle soveel vir mekaar beteken het, het sy uitgehardloop, miskien, en haar arms om haar gegooi, en haar omhels, en het haar gegroet.

En sy het gesê: "Ek verstaan dat jy ma gaan wees."

"Ja."

Sy het gesê: "Jy weet, ek gaan ook ma word."

"O, jy en Josef alreeds getroud?"

"Nee, ons is nie getroud nie."

71 En gesien sy het gewys om ma te word. Sy het gesê: "Jy bedoel, skat, dat jy en Josef nog nie getroud is nie, en jy gaan ma word?"

"Ja."

"Hoe gaan dit wees?"

72 "Die Heilige Gees sal oorskadu, is om. . .het my oorskadu. Die stem van God het so gesê." En gesê, gesê: "Ek weet dat jy gaan ma word, ook."

73 Sy het gesê: "Ja, maar dis alreeds ses maande met my, en ek—ek's bekommerd omdat die baba nog nie beweeg het nie."

74 Nou, almal weet dat dit heeltemal buitengewoon is; twee of drie maande, en lewe word gevoel. Maar hierdie was ses maande, met geen teken van lewe nie. Nou daardie baba was dood, ses maande sonder lewe. Sy het gesê sy was bekommerd daaroor.

75 Sy het gesê: "Maar die Heilige Gees het oor my gekom," het Maria aan Elisabet gesê: "die Heilige Gees het oor my gekom, en het my oorskadu; en gesê ek sou 'n seun hê, en Hy sou die Seun van God wees, en ek sou Sy Naam 'Jesus' noem."

76 En net sodra die menslike Naam van God, "Jesus," gespreek is deur 'n menslike lip, uit 'n mens, het 'n dooie baba lewendig geword in die skoot van 'n vrou, en die Heilige Gees ontvang. En as dit dit sou doen aan 'n baba, dood in 'n ma se skoot, wat behoort dit te doen aan 'n wedergebore Kerk? Die eerste keer wat die Naam van Jesus Christus ooit gespreek is deur 'n menslike lip, het 'n dooie baba in 'n moeder se skote lewendig geword en die Heilige Gees ontvang. "Waarvandaan kom die moeder van my Here?" het Elisabet gesê. "Want sodra jou begroeting my ore bereik het, het my baba in my skoot gespring van vreugde."

77 En vandag maak ons aanspraak om daardie Heilige Gees te hê, en lafhartig Daarmee, bang om uit te beweeg. Ons moet volhardend word. As ons die ware egte Heilige Gees het, sal ons volhardend wees.

78 Nou lang paaie gegaan, gaan weg, ek gaan weg van my teks. En hier is dit amper tyd om die gebedsry nou te begin, en ek het nog nie eens by my teks gekom nie. Hierdie is te kort.

79 Hierdie vrou waarvan ons gepraat het, hierdie Siro-Feniciese vrou, sy was 'n Griek, en sy het van Jesus gehoor. Nou: "Geloof kom deur die gehoor, aanhoor van die Woord van God." En sy het gehoor.

80 En, op 'n manier, vind geloof die bron wat andere nie sien nie. 'n—'n Dokter mag sê: "Kind, ek het alles gedoen vir jou wat ek kan." Hy is aan die einde van sy pad. Dis al wat die mens kan doen. Hy sien die ding is gevorderd en daar is niks wat hy daaraan kan doen nie. Maar, julle sien, geloof vind 'n bron waarvan hy niks weet nie. Wetenskap sal dit nie bewys nie, want geloof. . .

81 Die hele wapenrusting van God is bonatuurlik. Wat is die wapenrusting van God? Liefde, wat is liefde? Bewys vir my wetenskaplik daar is so-iets soos liefde. Waar is dit? Jy, hoeveel het lief, steek julle hand op; lief vir julle vrou, lief vir julle broer, lief vir julle vriende? Wel, ek wil hê, een of ander wetenskap, moet vir my bewys watter deel van jou liefde is. Waar koop jy dit, watter apteek? Ek wil heelwat daarvan koop, liefde. Vreugde, het jy vreugde? Vrede, lydsaamheid, sagmoedigheid, geduld, wat is dit? Dis alles bonatuurlik.

82 God is bonatuurlik. Jy bewys nie God wetenskaplik nie. Jy glo God. Jy glo dit. As jy dit nie glo nie, dan, 'n man wat sê: "alles wat nie wetenskaplik is nie, dis onortodoks, dis nie reg nie," dan kan daardie man nooit 'n Christen wees nie. Hy moet glo. Deur geloof glo ons God; nie deur geleerdheid nie, nie deur teologie nie. "Maar deur geloof is julle gered."

83 Let op, geloof vind 'n bron wat andere nie sien nie. Sy Woord is 'n swaard, Hebreërs 4:12 het gesê dat: "Die Woord van God skerper is as 'n twee-snydende swaard, selfs die gedagtes onderskei, sy oorlegginge wat in die hart is." Dis die Woord van God. En die enigste ding wat daardie swaard kan vashou is die hand van geloof.

84 Niks anders kan dit doen nie, niks anders nie. Jy moet een of ander ding op 'n ander manier sien, wetenskaplik. Jy, wetenskaplik, met geleerdheid, kan jy nie daardie swaard vashou nie. Jy kan dit nie doen deur geleerdheid nie; dis te verdraai, te ingewikkeld; jy maak dit, dit sal dit maak, dit sal probeer om Ditself te ontken en alles. Jy kan dit nie doen nie. Jesus het gesê: "Dis verborge vir julle," so vergeet daarvan. Jy kan dit nie ken nie. Dis verborge. En wanneer God enigiets verberg, is dit regtig verborge.

85 Dis waarom jy so verborge is, as jy 'n Christen is. "Want julle is dood, en julle lewe is verborge in God, deur Jesus Christus, en geseël deur die Heilige Gees." Hoe gaan die duiwel jou vind? Hy kan dit nie doen nie. Jy's verborge. God verberg jou. Amen. Wat 'n skuilplek, in die boesem van Jesus Christus!

86 Nou, geloof hou dit vas, dit hanteer dit. Nou jy mag nie sterk genoeg wees nie, daardie arm van geloof, om 'n gat die heelpad deur te kap, en deur te stap soos party kan nie, maar hou net aan slaan, dit sal kom. Hou net daaraan vas.

87 Sy het baie hindernisse gehad, het hierdie Griekse vroutjie, maar haar geloof het nie enige gehad nie. Geloof het glad geen hindernis nie. Daar is niks wat geloof kan hinder nie. Maak nie saak wat enigiemand anders sê nie, niks hinder geloof nie. Laat ons kyk na party van die "mag's" wat met haar kon gebeur het. Sy mag . . .

88 Iemand, hulle mag vir haar gesê het: "Jy is 'n Griek. Jou denominasie borg nie hierdie diens nie." Maar sy was

in elk geval volhardend. Sy het in elk geval gegaan, want sy het gehoor. "En geloof kom deur die gehoor." Nie deur samewerking nie; maar deur die gehoor.

89 Let op, hulle mag dit gesê het, dat: "Jy's 'n Griek. Jy's nie in hulle klas mense nie. Jy, daar—daar is. . . Hulle is 'n ander vel as jy. Hulle is 'n ander ras." Steeds, het dit haar nie gepla nie. Dit het haar nie gepla nie.

90 En party van hulle mag gekom het en gesê het: "Nou dis onsin. Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so-iets soos daardie genesing waarvan jy gehoor het nie. Hy is net nog 'n fanatikus wat opgestaan het." Sekerlik, hulle het alle soorte valse dollars gehad, maar daar is 'n egte een, iewers, waarvanaf dit gemaak is. Dis reg. Nou gesê: "Die dae van wonderwerke is verby, daar is nie so-iets nie. Dis net 'n klomp fanatici daaronder, net 'n handjievol van hulle wat. . . Ons het dit die heeltyd gehad."

91 Maar, steeds, iets het daardie vrou getref; sy was steeds volhardend. Die dae van wonderwerke mag verby gewees het vir daardie een wat met haar gepraat het; maar nie vir haar nie. Dit mag verby wees vir sommige van jou kennisse, maar nie vir jou, as jy geloof het nie.

92 Daar mag 'n ander groep wees, miskien party vroue wat op die hoek gestaan het, wat sê: "Martha." Ek hoop nie daar is enige Martha's hier nie. "Martha, jy weet wat? Jou man gaan jou verlaat, so seker as wat jy afgaan na daardie diens. Nou, ek weet jou dogter het epilepsie, maar ek sê jou, dit gaan. . . As jou man jou ooit vang dat jy soontoe gaan! Hy behoort aan die groot klubs en verenigings van die stad; en as jy soontoe gaan, sal hy jou verlaat." Dit het niks vir haar beteken nie. Sy sou in elk geval gaan. Geloof het klaar 'n vashouplek gekry. Geloof ken geen hindernisse nie.

93 Wel, dan, mag daar 'n ander groep gewees het, onder op die hoek, wat gesê het: "Jy weet wat? Jy sal die voorwerp van bespotting van die kerk wees, omdat jy net afgaan soontoe vir niks. En die mense gaan weet dat jy gaan. En sodra jy geïdentifiseer word met hulle, dan sal jy die voorwerp van bespotting van die mense wees. Almal sal vir jou lag." Dit het nie een ding vir haar beteken nie, glad nie. Sy was volhardend.

94 'n Groep mag gesê het: "Hulle sal jou uit jou kerk sit; hulle sal vir jou jou lidmaatskapkaart gee." Steeds, was sy volhardend. Dit het haar glad nie gepla nie. Waarom? Sy het alreeds geloof beetgekry.

95 Ek wens ek het tyd gehad om hier te stop vir vier ure, en net vir julle te vertel van die—van die ondervindings van daardie selfde ding, dat vroue en mans en kinders, wat

sterwend was, en, volgens dokters se verklarings, dat hulle lewe, vanaand, deur die genade van God. Want, iets het hulle beetgekry, geloof! Dis die idee. Goed.

96 Sy het deur al daardie poorte gebreek, al die kritici, al die bespotters, al die "jou man sal jou verlaat; jou gemeenskapskaart is weg van die kerk, jy sal iets anders moet vind; jy sal 'n uitgeworpene wees; jy sal 'n holy-roller genoem word." Dit het niks vir haar beteken nie, want sy het alreeds God gesien. Sy het gehoor, en geloof kom deur die gehoor. En sy het geweet dat andere genees is, waarom kon haar dogter nie genees word nie? Daar het julle dit, sy het deurgekom.

97 Uiteindelik het sy gearriveer aan die voete van Jesus, en let op wat 'n skok! Baie mense dink dat omdat jy net daar kom, dis al wat daaraan is; maar jy het nou net begin. Toe sy by Jesus kom, wat 'n teleurstelling vir haar; of dit sou gewees het, miskien, vir ons in hierdie dag. Jesus het gesê Hy was nie eens na haar ras gestuur nie.

98 As dit party van julle Pinksters vandag was, wel, sou julle julle neus in die lug opsteek en wegstap, en gesê het: "Is dit wat dit is? As hulle nie van my hou by die Gemeentes nie, sal ek by die Eenheid aansluit. As hulle nie daar van my hou nie, sal ek na die kerk van God gaan. Ek—ek hoef nie sulke goed soos daardie uit te hou nie." Ag, dis die rede waarom wonderwerke uit die kerk uit weg is. Dis waarom die geloof uit die kerk uit weg is. Sien?

99 Selfs Jesus, die einste God! Luister hierna. Die einste God wat sy sou aanbid, en—en haar gedagtes verander, en gekom het om—om Hom te glo; toe sy by Hom arriveer, het sy 'n koue skouer gekry.

100 Onthou julle dat ek gisteraand gepraat het van die verbasterde blomme en dinge? Christendom vandag is 'n namaaksel. Dis nie die oorspronklike nie. As jy die oorspronklike doop gehad het soos hulle destyds daar gehad het, daardie pinksterkerk sou wees 'n . . . daar sou niks wees wat dit kon stop nie. Dit sou soos 'n huis wees wat aan die brand is in 'n droë weer, en 'n warm wind wat waai. Daar sou niks wees wat dit kon stop nie; dis aan die brand! Maar wat is vandag? Nee, dis 'n ander groep vandag. My opinie: dis 'n namaaksel.

Let op, Hy het vir haar 'n koue skouer gegee.

101 Vandag moet ons hulle streel: "Ek sal jou belowe; as jy net oorkom, sal ek jou kaart op my boek hier oorkant sit, jou brief, en ek—ek—ek sal sien wat ek kan doen. Ons sal vergader met die diakenraad, kyk of ons jou op die diakenraad kan kry, of—of iets." Dis hoe hulle met hulle moet maak vandag. Sien wat 'n groep ons het?

102 Maar selfs toe sy daar kom, het Hy gesê: "Ek is nie eens gestuur na julle ras nie. En, behalwe dit, hulle is niks anders as 'n klomp honde nie."

103 O, goeiste, wat sou ons gedoen het? Wat sou jy gedoen het? Vra jouself dit, en wees eerlik. Iemand afjak, wel, as jy eens voor gebid word, die eerste aand nie, sê jy jy kom nie eens weer terug nie. Dan het jy geloof? Sekerlik. Ja. Nou, onthou, hierdie band gaan regoor die wêreld. Ek wys nie net my vinger hier nie; ek wys oral. Sien? Ja, jy, jy sal nie terugkom nie. Nee. Jy kan nie eens sit en die diens deurluister nie. Jy sien? "Ja, ek het geloof"? Ja.

104 Maar sy was 'n hond genoem. Dis die laagste wat daar kan wees, of was vir hulle in daardie dag, 'n onrein dier. Natuurlik, vandag is dit 'n afgod; maar daar sal 'n vrou 'n hondjie neem en dit 'n moeder se sorg gee en geboortebeperking toepas, want sy wil uitgaan na danse en partytjies, en aangaan soos daardie, en sy het nie tyd vir haar kind nie. Sy weet jy kan die hond wegsit in 'n hokkie iewers, dit saam met haar neem. Dis presies reg, sien. Pas geboortebeperking toe, en gaan dan kerk toe en sing in die koor. Dra kortbroeke, langbroeke, alles anders, en noem haarself 'n Christen; sny haar hare af en steeds sê sy's in gemeenskap met God, wanneer die Bybel sê sy is nie. Dis presies reg. Ek gee nie om . . . Luister.

Jy sê: "Daardie dingetjie, waarom sê jy dit?"

105 In die begin, het een woord alle siekte en dood veroorsaak. Dieselfde God, by die laaste van die Boek, het gesê: "Wie ook al een Woord Daaruit sal wegneem, of een woord Daarby sal voeg." So maak nie saak wat jy doen, hoe heilig jy sê jy is, hoeveel jy op-en-af spring, en huil, in tale praat, oor die vloer hardloop, of wat ook al jy wil doen, of aan die armes gee, of wat jy ook al is nie; dit is nie dit nie. Jy het daardie Woord gebreek; en, daardie een Woord gebreek, kan jy nie weer ingaan nie! Presies reg, nie een Woord nie. Jy neem 'n geloofsbelydenis in plaas van die Woord, want dit pas jou beter.

106 Dis waarom mense by die kerk kan aansluit, en *dit*, *dat*, of die *ander* ingaan, en daar rondsit, dis niks anders as 'n losie nie. Dit is nie 'n kerk nie. Jy word gebore in die Kerk in; jy sluit aan by 'n losie. Maar jy word gebore in 'n Kerk in, die Kerk, nie 'n kerk nie; die Kerk. Daar is net een Kerk. En jy . . .

107 Ek was in die Branham familie vir vyf-en-vyftig jaar, en hulle het my nooit gevra om by die familie aan te sluit nie. Ek is daar gebore. Dis reg.

Ja, dit geweier, 'n "hond" genoem, maar steeds het sy vasgehou.

108 Sien, sy het geloof gehad. Sy was teleurgestel deur al haar vriende, teleurgestel deur haar mense, alle soorte dinge het

haar probeer hinder. Maar alles is daarnatoe gegooi. Dit wys dat Satan probeer om—om egte geloof terug te druk, maar hy kan dit nie doen nie. Gee nie om wat enigiemand sê nie; dis steeds daar. Sy is volhardend. Sy bly voortbeweeg.

109 Sy het by Jesus uitgekom, en Jesus het gesê: "Ek is nie gestuur na jou ras nie. Ek is nie gestuur na jou kerk nie. Hulle werk nie saam nie. Julle is in elk geval niks anders as 'n klomp honde nie." Sy het steeds voortbeweeg! Gesê: "Ek, Ek het gekom om—om hierdie genees, Myne, nie om jou te kom genees nie. Nie mooi van My om die kinders se brood te neem en dit aan 'n klomp honde uit te deel nie."

Sy het gesê: "Dis die waarheid, Here." Amen.

110 Geloof sal altyd erken dat die Woord waar is. Amen. Nou as jy wil vashou aan 'n geloofsbelydenis, gaan voort; maar die geloof, regte egte geloof, erken die Woord is die Waarheid.

111 Sy het gesê: "Waarheid, Here, maar die honde kan die krummels eet wat onder die kinders se tafel is." Dit het dit gekry. Dit het dit gekry. Sy was nie 'n—'n kweekhuisplant nie. Sy was nie 'n—'n basterklomp, sogenaamde gelowiges, waarvan ons die oes vandag het nie. Sy het egte geloof gehad. Sy het erken dat Hy reg was. Maar sy was nie eens agter al die brood wat die kinders kon eet nie; sy het net gesoek na krummels.

112 Ons moet óf die beste kry, of ons wil glad niks hê nie. Ons sal wegstap Daarvan, en dan sê: "Ons het geloof. Hulle my nie reg behandel nie, sal ek uitstap." Dis geen geloof nie. Dis geen geloof nie.

113 Geloof is daar. Wat ek vir julle probeer sê, vriende, ons gaan 'n gebedsry hê hier een van hierdie aande. En ek wil nie een draagbaar sien, een rystoel, een kruk, of niks behalwe wat hier op die vloer lê, en dat hulle uitstap nie. Sien? Tensy julle kom met die regte soort benadering, gaan julle niks kry nie. Dis reg, jy loop net regdeur en iemand klap 'n hand op jou, en gaan uit. Dit, dit help nie. Jy moet weet wat jy kom . . . "Hy wat na God kom, moet glo."

114 Kyk, onthou, sy het nooit 'n wonderwerk gesien nie. Sy was 'n Griek. Sy weet . . . Sy was 'n Heiden. Sy het nooit 'n wonderwerk gesien nie, tog het sy geloof gehad dat daar so-iets was. En jaar na jaar, en dag na dag, sien ons wonderwerke, en kan net nie uithou vir 'n uur of twee nie.

115 Sy was soos Ragab, die hoer. Ragab wou nie hê . . . Daardie Heidense vrou, sy wou nie sien hoe Josua sy klere dra, of Josua sien nie. Sy het gesê: "Ek het gehoor en ek glo." Dis al. Sy het gehoor en sy het geglo.

116 Jesus het gesê: "Ter wille van hierdie woord!" Sy het die regte benadering gehad tot die gawe van God. Onthou, sy was

die eerste Heiden vir wie 'n wonderwerk ooit gedoen is, as gevolg van haar geloof. Geloof erken dat die Woord reg is, verneder homself, dieselfde as wat dit vandag doen.

117 Martha, in die Teenwoordigheid van God. Martha, die suster van Lásarus, sy was nederig in die Teenwoordigheid van Jesus. En sy was volhardend toe sy daar gekom het. Hy het gesê. . . Sy het gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie; maar selfs nou, wat ook al U God vra, sal God dit vir U gee."

118 Hy het gesê: "Ek is die opstanding, en die Lewe; hy wat in My glo, hoewel hy dood was, tog sal hy lewe; wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?"

119 Onthou, sy het 'n reg gehad om Hom te verwyt. Sy het gevra na Hom, twee keer, toe hy siek was; hom laat sterf. Maar, julle sien, sy het geloof gehad. Sy het geweet.

120 En as daardie Sunamitiese vrou, in haar ouderdom, toe haar baba gesterf het, dat sy geglo het God was in daardie profeet, Elía, en sy het net vasgehou aan Elía. Sy het gesê: "Soos die Here God leef, en u siel leef en nooit sterf nie, ek gaan u nie verlaat nie." Sy was volhardend. En Elía het nie geweet wat om te doen nie. Hy het net in die kamer ingegaan, heen-en-weer geloop, totdat die Gees van God, die Teenwoordigheid van God, gekom het. Hy het homself gelê op die baba, dit het sewe keer genies en lewendig geword. Want, iemand het volhard, iemand het geloof beetgekry, om by die man van God te kom.

121 En sy het geweet, as God in Elía was, hoeveel te meer was Hy in Sy Eie Seun. Sy het geweet. Geloof kom deur die gehoor. En in die Teenwoordigheid van Jesus, was sy volhardend.

122 Jesus, gelyk asof, haar probeer terugdraai het, en sê: "Hy sal opstaan," en al *hierdie*, ensovoorts. Maar sy was volhardend. Sy het deur elke kritikus gedruk wat sê: "Nou waar is daardie Goddelike genesings program waarvan jy gepraat het? Waar is dit alles? Jou broer is dood en begrawe daarbuite nou. En die Pastoor het uit die dorp uitgeglip totdat hy gesterf het, en toe teruggekom." Maar dit het nie in haar pad gestaan nie. Sy het regdeur elke kritikus gedruk totdat sy by Hom gekom het. Sy het gekry waarvoor sy gevra het.

123 Nou hier 'n tyd gelede, het ek net onthou, by die tabernakel. . . Ek het paar broers hier sien sit van die tabernakel, vanaand. Daar was 'n dame. . . Ek het in die kerk ingekom. En ons het, omtrent elke aand, omtrent wat ons hier het in ons diens. En so toe het ons. . . Ek—ek het nie gebid vir die siekes daardie aand nie. En daar het 'n vrou gekom van Kalifornië, het 'n gewas gehad, die gewas het self vyftig pond geweeg. En so het hulle haar aan die agterkant gehad. En so

het hulle gesê ons het nie gebid vir die siekes daardie aand nie; dit het net afgekom om te preek, omdat ek pas van ’n diens afgekom het.

124 En toe ek by die agterdeur uitgaan, het twee van die diakens haar om die huis getrek, in ’n stoel, en haar by die deur gesit, en reg op die grond. En toe ek uitkom, het sy my aan die broekspyp beetgekry toe ek uitgegaan het. Sy het gesê: “Broer Branham, die enigste ding wat ek jou vra, is lê jou hande op my.” Sy het gesê: “My gewas sal weggaan.” En sy was omtrent soos *hierdie*.

125 Omtrent ses weke van toe af, was sy in ’n diens, en het die susters geneem om in te gaan en haar te ondersoek. Sonder enige operasie, was daar nie ’n stukkie van ’n gewas nêrens nie. Maak nie saak of dit nie die aand was om te bid vir die siekes nie. Sy was volhardend. Sy het gekry waarvoor sy gevra het. Geloof het sy plek gevind, en ’n houvas gekry.

126 Miga. En ek sluit af in ’n oomblik. Miga, in die teenwoordigheid van vierhonderd goed opgeleide priesters, Hebreeuse profete op die koop toe. Hy het gesê: “Kom af, Miga, jy’s uitgesit uit die predikersvereniging hieronder. Maar as jy nou dieselfde ding sê wat hulle nou doen, en vir Agab sê om op te trek saam met. . . Agab en Jósafat om op te trek; en ons besef dat, dat hulle jou sal terugplaas in die gemeenskap.”

127 Hy het gesê: “Soos die Here leef, sal ek net sê wat Hy vir my sê.” God, gee vir ons meer Miga’s. Sien?

128 So, hy het gewag. Daardie nag het die visioen gekom. Hy het sy visioen ondersoek met die Woord. Want, die Woord van God het gesê dat, Agab, die honde sy bloed sou lek, soos hulle Nabot s’n het. So ons vind uit dat sy visioen presies ooreengestem het met die Woord.

129 So hy was volhardend toe hy uitgestap het die volgende oggend. Gesê: “Gaan trek op, maar ek sien Israel verstrooi soos skape op ’n heuwel, sonder ’n herder.”

130 En hierdie hoëpriester, of oor die profete, het oorgestap, hom op die mond geslaan, en gesê: “Waarnatoe het die Gees van God gegaan toe Dit uit my uitgegaan het?” Steeds het Miga nie omgegee wat hulle gesê het nie. Hy het daar gestaan. Hy het gesê: “Sit hierdie kêrel in ’n hof,” het Agab gesê: “en sit hom in die binnehowe, en voer hom brood en water van verdriet. Ek sal met hom afreken wanneer hy. . . wanneer ek terugkom.” Met ander woorde, onthoof hom, of iets.

131 Hy het gesê: “As u hoegenaamd terugkeer, het die Here nie met my gepraat nie.” O, hy het geweet waar hy gestaan het. Maak nie enige verskil wat die res van hulle gedink het nie; hy het geweet hy was in die Teenwoordigheid van God. Hy het die stem van God gehoor. Dit het presies ooreengestem met die Woord van God.

132 So behoort ons, vanaand, hierdie uur te sien waarin ons lewe, en die belofte van hierdie dag te sien, dat die Woord van God dit belowe het. Maak nie saak wat enigiemand anders sê nie; die Woord het so gesê, en Jesus kom om Homself bekend te maak. Volhardend!

133 Die blinde man wat Jesus versteek . . . of genees het, kon nie, hy kon nie verduidelik of stry met hulle teologie nie. Maar een ding het hy geweet, hy was volhardend.

134 Sy pa en ma kon nie sê nie. Hulle het gesê: "Wel, ons is bang hulle gaan ons uit die sinagoge sit." En hulle het gesê: "Vra hom, hy is oud genoeg."

Hy het gesê: "Wie het jou genees?"

Hy het gesê: "Een, Jesus van Násaret."

135 Hy het gesê: "Prys God!" Gesê: "Ons weet hierdie man is 'n sondaar."

136 Hy het gesê: "Nou, of Hy 'n sondaar is, of nie, weet ek nie. Ek kan dit nie sê nie. Maar," gesê: "een ding weet ek wel, waar ek eens blind was, kan ek nou sien."

Hulle het gesê: "Ons weet nie waar hierdie Man vandaan kom nie."

137 Hy het gesê: "Dis 'n vreemde ding. Julle is veronderstel om die leiers van hierdie dag te wees, wat al die geestelike dinge ken; en hier kom 'n Man en maak my oë oop, wanneer ek blind gebore was, en tog weet julle nie waar Hy vandaan kom nie?" O, hy was volhardend, niks gaan hom pla nie. Hy het met God gepraat.

138 Natanael het nie omgegee om Hom te noem: "Here, Koning van Israel," nie, voor sy pastoor en al die res van hulle, toe Hy vir hom gesê het waar hy die—die dag tevore was nie. Natan het nie omgegee nie.

139 Die vrou by die put het nie omgegee hoeveel mense vir haar gesê het dit was nie wettig vir haar om iets te sê nie, omdat sy 'n prostituut was. Sy het 'n Man ontmoet waarna sy gesoek het, vandat sy 'n—'n dogtertjie was, in die wete dat Jesus op die toneel moes kom, 'n Profeet. En sy het die Profeet gevind, Wie sy gesien het vir haar die dinge gesê het wat sy gedoen het. Stop haar? Soos ek dit weer sê, soos 'n huis aan die brand in 'n sterk wind. Jy kon dit nie doen nie. Haar hart was aan die brand met vreugde en vrede. Sy is vergewe van haar sonde. Sy het die Messias gesien. Sy het Sy Teenwoordigheid gesien. Sy het Sy Woord gesien.

140 "Ons weet wanneer die Messias kom, dan sal Hy vir ons hierdie dinge vertel. Maar wie is U? U moet Sy profeet wees."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

141 En as die Man so-iets kon doen, nie sou lieg nie, het sy geweet dit was die Messias, so die goeie nuus moes versprei word.

142 Hoe behoort ons te wees aan dieselfde brand vanaand, volhardend om almal te laat weet dat die Heilige Gees eg is vandag, dat Dit op ons val en dieselfde ding doen wat dit gedoen het, en die beloftes van hierdie uur. Ons is nie volhardend nie. Ek wonder of dit ons regtig getref het? Sien, let op die vrou by die put.

143 Een ding, ek moet afsluit. Ek het omtrent 'n halwe bladsy notas daar, maar ek wil afsluit deur dit te sê. Dit bring 'n storie na my. Dan gaan ons bid vir die siekes. Gaan net 'n bietjie laat wees, maar miskien tien, vyftien minute, maar verduur my vir net 'n bietjie langer.

144 Ek was in Mexiko Stad omtrent drie jaar gelede. Hoeveel ken Broer Espinoza, julle Spaanse mense hier? Wel, ek reken baie van julle. Hy was my tolk. Ons was daaronder in Mexiko Stad. Ek was, sover ek weet, die enigste Protestant wat ooit daar ingekom het, geborg deur die regering. Maar Generaal Valdivia, julle onthou hom, hy is een van die Christen Sakemanne, wat ontvang het, gered is en gevul is met die Heilige Gees, en hy het deur die regering gegaan en my ingekry.

145 En so het ons nog 'n groot arena daar gekry. Daar was sitplek vir 'n paar duisend mense; was geen sitplek nie, hulle moes staan. En julle—julle dink daaraan om te staan vir twee of drie ure in hierdie kamer, daardie mense het in daardie warm skroeiende woestynson gestaan, daar vanaf nege-uur in die oggend, tot nege-uur in die aand, dag na dag. En, een aand, gegiet met reën, het hulle daar gestaan; en daardie jong Mexikaanse vroue, die hare wat teen hulle gesig afhang, en dit wat so hard reën, ek kon skaars halfpad oor die gehoor sien. Het geen verskil vir hulle gemaak nie; hulle het vasgehou aan daardie Woord van die Lewe.

146 Onthou een aand daar, met die inkom. Ek was net drie aande daar. Platvorm omtrent so lank soos hierdie, of miskien 'n bietjie langer. Daar was 'n ou blinde man wat oor die platvorm gekom het, en hulle het hom opgebring.

147 Die kêrel wat gekom en my gekry het, ek het hom *Mañana* genoem, dit beteken "môre." Hy was so stadig! Hy sou nooit daar kom, en, wel, hy sou rondkyk, en enige tyd daar kom. En ek wat bid, en hy . . . En ek het hom net genoem "Mañana."

148 So hulle het my opgeneem aan die agterkant van hierdie groot muur, op 'n leer, en hulle het my laat afsak op die platvorm. Broer Jack Moore, hoeveel ken hom? Sekerlik, ek reken julle ken; en Broer John Sharrit en baie van hulle daar. Hulle was daar op die platvorm. Daardie aand, gekom oor die platvorm . . .

149 Mañana het die kaartjies uitgegee, die—die gebedskaarte, maar Billy het reg langs hom gestap om te kyk of alles reg

gegaan het. Hy kon met hulle praat en vir hulle gebedskaarte gee, maar Billy het gegaan om uit te vind of dit regtig reg was of nie, of hy enige van hulle sou verkoop, of wat hy sou doen, of mense voortrek; almal wat 'n gebedskaart wou hê, een laat kry.

150 So toe daardie aand toe die gebedskaarte geroep is, was daar 'n ou man wat oor die platvorm gekom het, kaalvoet, en sy broekspype heeltemal afgeskeur, 'n ou hoed in sy hand, vasgemaak met 'n tou. En toe hy naby my kom, hy was blind, en ek het gekyk na die ou kêrel. En ek het daar gestaan, sulke goeie klere aan as wat ek vanaand het, iemand het vir my 'n mooi nuwe pak gegee, het goeie skoene aangehad. En daardie arme ou kêrel daar, 'n ou verslete hemp, en stof oral oor hom. Daar was hy, heeltemal blind, sy oë amper omtrent so wit met katarakke as my hemp. En, en ek het gedink: "Wat 'n wrede ding wat Satan gedoen het!" Hierdie arme ou kêrel het waarskynlik nog nooit 'n ordentlike maaltyd gehad, in sy lewe nie.

151 Die ekonomie is so swak gebalanseer daaronder. En hulle, dink nou net, sê, Pedro, Peter, hy—hy's 'n—hy's 'n messelaar, hy kry dertig pesos 'n dag, maar hulle moet vier dae werk om vir homself 'n paar skoene te kry. Sien? En dan wat van klein Pancho, of Chico, die kleintjie wat daarbuite werk en net omtrent vier pesos 'n dag maak, met vier of vyf kinders om te voed? Hy sal gaan en 'n paar ou ameba boontjie tortillas kry hiervoor, en vanaand kan Martina een kry en—en klein Chico kan een kry, maar iemand moet klaarkom met een. . . sonder een. Hulle moet soveel spaar, om 'n vetkers te koop om te brand op 'n goue altaar, vir hulle sondes. Dis wat my kwaad maak. So daar was jy.

152 Nou, hierdie ou kêrel het daar gestaan, en hy het iets gesê in Spaans. En hy het 'n klomp krale om sy vingers gedraai gehad, en ek het vir hom gesê: "Haal hulle af," en deur Broer Espinoza.

153 En ek het gedink, ek het gedink: "Ek sal my skouers optrek. Ek kan net my jas neerlê, en vir hom sê. En sy skouers is baie breër as myne." Ek het my voete langs syne gesit, gedink: "Ek kan reg uit my skoene uitglip, en niemand sou dit sien nie, en vir hom my skoene gee," maar sy voete was baie groter. En ek het gedink: "Wel, wat kan ek doen?" Ek het gedink: "O God!"

154 As jy net nie vir die mense daar voel nie, help dit net nie om hulle te dien nie. Jy moet dit voel. Dis waarom Hy ons swakhede gevoel het.

155 Ek het net my arm om hom gesit, soos *hierdie*, en ek het gesê: "Hemelse Vader, as my pappa sou geleef het, sou hy omtrent so oud gewees het. Dis iemand se pappa." En ek het net so gestaan soos daardie, en ek het hom hoor skree: "Gloria a Dios!" Dis "Glorie aan God," julle weet. Daar rondgekyk, en

die ou man kon so goed sien soos ek kon, net op-en-af geloop met die platvorm, net aan die aangaan. Wel, en, natuurlik, moes hulle die plekaanwysers kry, omtrent drie-of vierhonderd plekaanwysers wat daar gestaan het, om hulle in bedwang te hou. Toe moes hulle my weer met die tou opneem.

156 Die volgende aand, daar ingekom, was daar hope *so* hoog, 'n hoop, oral op-en-af daar, van ou tjalies en hoede en dinge, wat hulle daar opgestapel het om oor gebid te word. Hoe hulle ooit geweet het wat aan wie behoort het, weet ek nie, oral opgestapel daarbo, daar gelê. En dit het gereën. Ek was laat. En ek het daar ingekom, en ek het net begin preek: "Geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van die dinge wat nie gesien word nie," en Broer Espinoza daaronder wat tolk.

157 En Billy het oorgekom en my op die skouer geklop en gesê: "Pappa, jy sal iets moet doen." Gesê: "Mañana het klaar al die gebedskaarte uitgegee." En gesê: "Daar is 'n vroutjie wat daar oorkant staan, 'n dametjie," gesê: "sy het 'n dooie babatjie, en dit het vanmôre gesterf."

158 Julle het die artikel in die Volle Evangelie Sakemanne gesien. En, onthou, dit moet bona fide wees voordat dit gedruk word. Dokter moet hierdie verklaring teken, dat dit waar is, wanneer jy dit druk.

159 En gesê: "Sy's daar oorkant, het 'n dooie baba," hy het gesê: "dit het vanoggend gesterf." (En dit was toe omtrent nege—dertig.) Gesê. . . (En omtrent hierdie tyd van die aand.) En gesê: "Dit het vanoggend gesterf." (Sy het heeldag in daardie reën gestaan daarmee, en sy het nie geweet Espinoza was, of, ek bedoel, Mañana het daardie gebedskaarte uitgegee nie.) En gesê: "Hy het nie 'n gebedskaart nie." Hy het gesê: "Ek het veertig of vyftig plekaanwysers, kan haar nie van daardie platvorm afhou nie." Gesê: "Sy sal reg onder hulle deurgaan, hulle deurmekaar maak, oor hulle rûe klim, of enigiets, soos sy hierbo probeer kom."

160 En ek het gesê: "Wel, ek sê jou." Ek het gesê: "Kom hier, Broer Moore." Julle weet, almal van julle, baie van julle het julle hande opgesteek, julle ken Broer Jack Moore. Ek het gesê: "Broer Moore, sy weet nie wie ek is nie. Sy weet nie. Daar het baie predikers hier gestaan, wat preek, baie van die Baptiste en alles, wat die diens borg." En ek het gesê: "Nou, jy, gaan jy soontoe en bid vir die baba, en sy sal nie die verskil ken nie, sien."

Hy het gesê: "Goed, Broer Branham."

161 Hy het begin afgaan met die platvorm, omtrent so ver soos die muur daar oorkant, en ek het omgedraai. Die mense het nie geweet nie, want hulle het nie Engels verstaan nie. En ek het gesê: "Nou soos ek gesê het, die geloof is die ver-. . . " En hier

voor my gekyk, en ek het 'n klein, Mexikaanse, donker-gesig babatjie met geen tande, gesien, wat net daar staan en grynslag vir my, net hier voor my.

162 Ek het gesê: "Wag 'n oomblik, Broer Moore." Ek het gesê: "Sê vir die dametjie om hiernatoe te kom."

En Billy het gesê: "Pappa, sy het nie 'n gebedskaart nie."

Ek het gesê: "Ek het pas 'n visioen gesien, Billy."

163 En so het hulle daaronder toe gegaan en die dametjie gekry. Hier het sy gekom, opgehardloop soontoe, en op haar knieë geval, begin skree: "padre," wat "*vader*" beteken, julle weet; ek het haar gevra om op te staan, Broer Espinoza. Die baba gehou; en sy het 'n klein, blou-en-wit-gestreepte kombersie daaroor gehad, net sopnat, en die water wat afgedrup het, haar hare wat afgehang het. Pragtige vroutjie, waarskynlik haar eerste baba, sy was in haar. . . twee-en-twintig of vyf-en-twintig jaar oud, die dingetjie vasgehou soos daardie; klein, stywe vormpie omtrent *so* lank, onder hierdie kombers. En ek het gedink.

164 Hulle het almal gedink ek het net gebid, om ontslae te raak daarvan, julle weet, haar van hulle hande af te kry daar.

165 En ek het my hande oor die babatjie gehad, en ek het gesê: "Hemelse Vader, ek weet nie dat—dat hierdie die baba is nie; maar ek het 'n visioen gesien daar, 'n paar oomblikke gelede, van 'n Mexikaantjie, gelyk soos 'n donker-gesig babatjie wat glimlag." En ek het gesê. . . Hulle tolk nie die gebed nie, julle weet En ek het gesê: "Ek het dit sien glimlag." Ek het net my hande daarop gelê, *so*, in die Naam van Jesus Christus, om te bid, en die babatjie het 'n skop gegee en begin huil so hard as wat dit. . . En so het dit begin skree.

166 En ek het gesê: "Broer Espinoza, jy skryf dit nie nou neer nie. Jy stuur 'n hardloper saam met daardie babatjie en daardie vrou, en neem dit na die dokter." En daardie aand, het hulle die dokter uitgeroep, die dokter het 'n verklaring geteken dat die baba gesterf het met longontsteking, daardie oggend in sy hospitaal, of in sy kantoor, om nege-uur, en hier was dit omtrent tienuur daardie aand, was dood sedert daardie oggend, en het lewendig geword; en lewe vandag tot die heerlikheid van God.

167 As gevolg waarvan? Sy was net so volhardend soos die klein Siro-Feniciese vrou wat hier was, waarvan ons vanaand gepraat het. Dit wys dat God steeds dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Die ding daarvan was, (wat was dit?) sy het gehoor van daardie ou blinde man.

168 Sy was 'n Katoliek, volgens geloof. Almal van hulle is Katoliek, so wanneer jy gebore word in Mexiko, is hulle net outomaties 'n Katoliek.

169 So toe het daardie mense hierdie ou blinde man op die straat gesien, wat praat van sy getuienis. Sien, sy het daarvan gehoor. Hierdie vrou het nog nooit 'n wonderwerk gesien nie. Maar sy het geweet as God 'n blinde man sy sig kon gee, kon Hy haar baba weer oprig tot die lewe, want dit was dieselfde Jesus Christus. Sy sou partymaal Pinksters laat klein voel. En dis reg, met sulke geloof, omdat sy volhardend was dat dit God moes wees wat sig kon herstel. "En as dit God was wat Sy Woord kon hou en sig herstel, kon Hy die dooies oprig." En Hy het dit gedoen omdat sy volhardend was. Ek sou nog een aand daar wees, en sy mag. . . Dit was die aand vir haar.

170 Sal ons nie, vanaand, vriende, sal ons nie volhardend wees nie? Kan ons nie deur die mistieke donker dakplanke hier deurdruk en Jesus Christus aanvaar as ons—as ons geneesheer nie? Kan julle dit nie doen nie?

Laat ons bid.

171 Here Jesus, O God, ek—ek weet nie wat om nog te sê nie. Ek bid, God, sal ek net 'n gebedsrytjie roep, Vader? En miskien sal U die mense wys, dat, dieselfde doen soos U het voor U—U sterfte en begrafnis; dat hierdie dag en tyd, miskien daar vreemdelinge hier sou wees, dat mag sien dat U steeds dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, wat U Woord hou. En miskien sal daar iemand wees met genoeg geloof om deur die grens te breek, oorkant, daardie klankgrens, daardie sondegrens, daardie ongeloofgrens daar oorkant, daar deurbreek, na waar alle dinge moontlik is. Skenk dit, Here. Ons word gesê dat wanneer 'n vliegtuig deur daardie klankgrens gaan, is dit onbeperk in spoed en krag. God, as ons net kan deurbreek deur die krag van ongeloof, is wonderwerke en dinge, en beloftes van God, onbeperk: "Want alle dinge is moontlik vir hom wat glo." Skenk dit, Vader. Ons vra dit in die Naam van U Seun, Jesus Christus. Amen.

172 As ek net 'n bietjie laat is, is dit reg om voort te gaan en ons net te laat hê, 'n gebedsrytjie te roep? Ek weet die mense raak rusteloos, maar laat ons net 'n gebedsrytjie roep. Laat ons sien, Maandagaand het ons A's gehad, was dit reg, toe ons gebedskaarte uitgegee het? Of, nee, ek bedoel Woensdagaand. Ek dink aan Maan-. . . Woensdagaand was die eerste aand, was A's, en gisteraand sou B's wees, en vanaand sou C's wees. Ons het geroep van een tot vyf-en-twintig, in A's. Ek dink dit was reg, was dit nie, een tot vyf-en-twintig, in A? Is dit reg, een tot vyf-en-twintig, in A? Een tot vyftien, in A.

173 Wel, laat ons in B's roep, gisteraand se gebedskaarte dan. Laat ons B roep, vyf-en-sewentig tot 'n honderd. Gebedskaart B. Ons sal julle C en alles kry. Ons is B, vyf-en-twintig. . . Nee. B, vyf-en-sewentig, glo ek het ek gesê, was dit nie? B, vyf-en-sewentig tot 'n honderd. Goed. Laat hulle nou opstaan aan

hierdie kant. B, vyf-en-sewentig tot 'n honderd, staan op oorkant aan hierdie kant. Kom regoor aan hierdie kant, en lyn hier op, party van julle broers gaan af. Billy, Roy, gaan party van julle daar af en kyk dat die mense in die gebedsry kom. Goed.

174 Ek wil julle onverdeelde aandag net 'n oomblik hê. Nou wees baie eerbiedig. Nou kyk, party mense gaan en hulle sê: "'n Prediker dra die verkeerde soort das. Hy het 'n verkeerde pak aan. Sy maniere is nie reg nie. Hy staan nie reguit genoeg nie." Wel, sien, julle het steeds geen geloof nie. Sien?

175 As 'n man in daardie agterdeur inkom daar en vir julle gesê het dat hulle gehad het 'n . . . dat hulle, hy 'n geldwissel of 'n bankwissel gehad het vir jou, vir 'n miljoen dollar, sou jy nie omgegee het of hy geleerd of ongeleerd was nie, jy sou nie omgee of hy 'n oorpak aangehad het, of of hy 'n aandpak aangehad het nie, jy sou nie omgee of hy swart, geel, bruin, wit was nie.

176 Dis nie die boodskapper nie; dis die Boodskap waarna jy wil luister. "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hoeveel is bewus daarvan? Nou, as julle net—net . . .

177 As die—as die ingenieur daar, ek dink, Mnr. Ruby, of ek dink was sy naam, wat ek nou die aand ontmoet het, as hy net sal . . . Hy het vir ons die ligte gegee, ensovoorts, hier, as hy net sal uithou vir 'n paar oomblikke om die Evangelie se ontwil.

178 Nou wees almal baie eerbiedig, maar wees baie volhardend. Druk reguit in anderkant die sluier.

179 Nou wanneer Jesus Christus die siekes genees. Nou, ek sê nie hulle sal genees word nie; ek kan dit nie vir julle sê nie. Onthou, ek het geen krag om te genees nie. Ek het geen krag nie. Julle het geen krag nie. Nie een van ons het nie, ons het gesag. Hoeveel verstaan dit?

180 Kyk hier, laat ek vir julle iets vra. Buite op die straat, op hierdie besige hoofweg wat inkom vanaf die super hoofweg, waar reguit buite op die—op die hooftol, het ek gesien die spoedgrens is tagtig myl per uur. Daar is motors wat daar afkom, enigiets vanaf tweehonderd perdekrag, op tot—tot—tot drie-of vierhonderd perdekrag.

181 En nommer ses-en-sewentig, kom asseblief. Hulle het ses-en-sewentig nodig. B, ses-en-sewentig, mag iemand doof wees. Kyk rond. O, ek's jammer. Goed. B, sewe- . . . Is dit reg, my broer? B, ses-en-sewentig. Goed.

182 Nou let op, byvoorbeeld, hier kom 'n polisiemannetjie daar uit op die hoofweg, hy is so klein dat sy pet sy ore afhou, en hy sal nie meer weeg as omtrent 'n honderd pond nie. Nou hoeveel krag het hy om een van daardie motors te stop? En daar party van hulle net drie of vier langs mekaar, net so hard as wat hulle kan afstroom met daardie hoofweg, met driehonderd perdekrag in elkeen. Hy kan nie eens een perdekrag stop nie.

En hier is hierdie motors. Maar laat daardie groot wapen blink, en laat hy dit in daardie hand opsteek! Hy mag nie krag hê nie, maar hy het gesag. Luister na die remme wat skree, en skeeftrek, en almal stop. Waarom? Omdat hy gesag het.

183 Ek het nie enige krag nie. Jy het nie enige krag nie. Maar ons het die gesag, amen, die wapen van geloof wat aan die Woord hang: "Ek glo Dit. Dis die Waarheid." Dis wat stop. Dan kan jy volhardend wees.

184 Klein polisiemannetjie wat daarbuite staan en daardie fluitjie blaas en sy hand ophou, ek sê julle, alles gaan stop. Dis sy gesag. Dis sy gesag, om te glo.

185 Nou glo julle, elkeen van julle. Nou julle wat daarbinne staan, nou moenie mismoedig wees nie, sit net—net daar en druk deur, sê: "Here, hierdie man weet niks van my nie. Ek is seker daarvan. As hy kan spreek, om vir my te sê, sal ek—ek glo met my hele hart." Nou wat sou ons weet?

186 Wie is die Geneesheer? Jesus Christus. Is dit reg? Wel, dan, as Hy hier teenwoordig is, wel, die enigste ding wat ons moet doen is om Hom net te vra. "En Hy is die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Is dit reg? Goed. Dan: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Vandag is Hy die Hoëpriester. Hoe, hoe het Hy opgetree toe 'n vrou Sy kleed aangeraak het, tweeduisend jaar gelede? Hy het omgedraai en vir haar gesê wat haar probleem was, en gesê haar geloof het haar genees. Is dit reg? Wel, Hy's dieselfde vandag, sou dieselfde moes optree, want Hy is dieselfde.

Nou is julle gebedsry gereed?

187 Nou hier is 'n vrou wat hier opkom. Sover ek weet, het ek—ek haar nog nooit gesien nie. Sy is 'n totale vreemdeling vir my, sover ek weet. Ons is vreemdelinge vir mekaar. [Die suster sê: "Ek was in jou diens in 1947, 1950 tot '53."—Red.] Sy sê sy was in my dienste in '47 en in '53. Maar. . . ["'51 tot '53."] '51 tot '53. Maar om jou te ken, ken ek nie. ["Nee."] Nee.

188 Sien, net soos as—as ek jou ontmoet het 'n week of twee weke van nou af, ek jou waarskynlik nie sou ken nie. Daar is baie mense wat in my dienste was, tienduisende van toe af, julle sien, en ek sou nie weet nie. Maar sover ek bedoel, ken ek: "ken jy my," jy ken my omdat jy in die diens was. Maar vir my om jou ken, of weet wat jou probleem is, of wat jy gedoen het tussen toe en nou, of voor toe, of wat jy beplan om te doen, natuurlik, sou ek nie. Nee.

189 Maar nou sodat ons nie te lank sal aanhou met een persoon, om te probeer om. . . Nou die aand, het ek—ek vooraf gestop. Ek het nie gesien nie; ek—ek—ek het nie gedink daar was nog enige oor nie. Ek het twee of drie laat staan in die ry. Ek moes dit nie gedoen het nie. Ek het dit net nie gedoen nie. Ek weet

nie waarom nie. Ek net. . . Wel, almal, dit het gelyk asof dit die klimaks van tyd was. Jy wil nie die mense pamperlang nie. Jy wil hê hulle moet gehard genoeg wees om op te reik daar en beet te kry wat jy sê, sien, en dan word hulle genees. As jy dit nie doen nie, wel, word hulle—hulle nie genees nie.

190 Nou hierdie dame hier, ons eerste keer om te ontmoet. Nou, as Hy "dieselfde gister, vandag, en vir altyd" is, nou as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, deur 'n goeie persoon wat vir my hierdie pak gegee het, nou as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan, kon Hy jou genees? Nee. Nee. Hy het dit alreeds gedoen, jy sien: "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor." Hy kon jou nie genees nie. Hoeveel weet dat dit die Waarheid is? Dis alreeds gedoen.

191 Enige sondaar hier, Hy kan jou nie red nie; Hy het dit alreeds gedoen. Jy moet dit aanvaar.

192 Nou as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, kon Hy. . . Die enigste ding wat Hy kon doen, sou sê. . . As jy sou sê: "Ek is siek. Ek is behoeftig. Of, ek het 'n geliefde wat siek is," of wat ook al: "ek is finansieël in die moeilikheid. Ek—ek het huislike probleme," of wat ook al dit is. Hy kon nie, Hy kon dit nie vir jou gee nie. Hy sou net vir jou sê dat Hy dit alreeds gekoop het. Nou hoeveel verstaan dit? Dis waar, sien, sien, want dis alreeds gedoen. Sien? Hy kan nie doen. . .

193 As jy verlos is van enigiets, kan die—die pandjieshouer jou nie langer hou, as jy verlos is nie. As jy die kwitansie het, dat dit verlos is, handel dit dit af. Hy kan dit nie meer hou nie.

194 Ons het die Kwitansie, sien; nou as jy geloof het om dit te wissel! Sien? Maar nou as Hy hier gestaan het, en ek wat my hele veldtog baseer op: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd," sou Hy weet wat jou probleem was. En dit sou sekerlik. . . Ek wat dit nie weet nie, sou dit sekerlik identifiseer dat dit Hy moes wees. Dit sou een of ander krag moes wees, een of ander krag. Dit hang van wat jy dink die krag sal wees. Want, jy weet dat ek jou nie ken nie, menslik gesproke. En dit sou een of ander krag moet wees. En as jy glo dat dit Hy is. . . En as jy nie glo dat dit Hy is nie, natuurlik, behoort jy nie hier te staan nie. En, maar, as jy wel glo dit is Hy, dan as Hy vir jou kon sê wat jy gedoen het, of waarvoor jy hier is, of—of iets, sou dit jou geloof meer maak, sou dit nie?

195 Sou dit julle s'n daarbuite maak? Wanneer, hier is my hand; sover ek weet, het ek nog nooit hierdie vrou in my lewe gesien nie, maar net in die gehoor ingekom, of—of miskien was sy in die gebedsry, of so-iets, jare en jare gelede. Enige herinnering aan haar; nee. Maar mag die Here my nou help. As 'n gawe. . .

196 Kyk, soos hierdie predikers hier. Julle weet alreeds, as julle my hoor preek het, ek—ek is nie 'n prediker nie. Ek het geen geleerdheid nie. Ek kan nie myself 'n prediker noem nie, maar daar is manne hier wat meer in staat is om dit te doen as wat ek kan.

197 Maar my gawe kom van God af, want ek het Hom lief. En—en dit glo ek: "Gawes en roepinge is sonder belydenis." Hulle is voorbestem deur God. Hulle is elke geslag. En my deel hierin was teenoor daardie Woord, dat Dit weer sou lewe, die Woord sou word om te onderskei en te ken. Dis profeties, wat belowe is volgens Maleági 4, om in hierdie dag te wees, ons volmaak te maak in hierdie laaste dag.

198 Nou as die Here Jesus vir my sê waar jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy profeet, of Sy dienaar is? Mag Hy dit skenk. Jy ly aan 'n—'n veltoestand. Daar is iets verkeerd met jou vel. Dis reg. [Die suster sê: "Ja."—Red.] Nou as dit reg is, steek jou hand op. Sien? So . . .

199 Nou ek bly voel dat dit van daarbuite af kom, iemand wat sê: "Hy het dit geraai." Nou wag net 'n oomblik. Ek het dit nie geraai nie, dame. Party, sien, hulle . . . Jy kan nie nou 'n gedagte wegsteek nie, sien, want Hy is nou hier. En ek neem elke gees hierbinne onder my beheer, in die Naam van Jesus Christus, sien, tot die heerlikheid van God. Ek het dit nie geraai nie.

200 Dis 'n senuweetoestand. Jy het 'n senuweetoestand wat jy is . . . wat jou pla. Jy bid vir 'n geliefde. [Die suster sê: "Ja."—Red.] Dis 'n vrou. ["Ja."] Dit is jou skoondogter. ["Ja."] Sy ly aan epilepsie. ["Ja."] Dis reg.

Nou ek het dit nie geraai nie. Goed.

201 Glo dit net! [Die suster sê: "Is sy verlos?"—Red.] Glo jy dit met jou hele hart; en soos jy geglo het, so sal dit vir jou wees. Ek het dit geglo. ["Sy is verlos?"] Ek—ek sal dit glo. As jy dit sal glo, sal dit wees.

202 Sien, ek kan dit nie verlos met my geloof nie, dit moet verlos word met haar geloof. Sien? Sien? Verstaan.

203 Aangename kennis. Ek het pas my moeder verloor, omtrent twee jaar gelede. En toe ek jou sien opkom soos daardie, bring dit herinnering. Sou ek nie 'n verskriklike persoon wees wat hier staan, Jesus Christus verteenwoordig, en 'n bedrieër wees nie? Dit sou verskriklik vir my wees om so 'n—'n ding soos daardie te doen. Maar ek—ek is nie 'n bedrieër nie. Ek is Sy dienaar. En as God my, deur Sy genade, iets van jou sal laat weet, wel, glo jy dit sal van God af kom? [Die suster sê: "Ja."—Red.]

204 Nou sodat die mense sal verstaan. Nou hier, kyk. Daardie een onderskeiding was meer as wat ek sou preek tot middernag. Jesus het gesê: "Ek merk dat krag verlaat het." As

dit die Seun van God was, hoeveel te meer vir my, 'n sondaar? Sien? Daniël het een visioen gesien, was gepla in sy kop vir baie dae. Hoeveel weet dit? Sekerlik. Sien? Julle besef nie die genade wat God ons skenk nie.

205 Nou, die dame ly aan 'n maagtoestand. Dis in jou maag. Ek sien jy staan terug van die tafel af. En dit word veroorsaak deur 'n—'n senuweetoestand wat die maag so laat raak, wat maak dat die kos nie verteer kan word nie. Dit is 'n peptiese maagsweer, eintlik wat dit is, in die maag. En glo jy dat God jou daarvan sal genees? [Die suster sê: "Ek glo."—Red.] Jy aanvaar dit as genees? Jy glo dat God dit sal wegneem van jou? God seën jou. Gaan, en mag die Here God dit aan jou skenk.

Baie eerbiedig.

206 Aangename kennis. Ons is vreemdelinge vir mekaar, reken ek. Ons eintlike eerste keer van ontmoeting, is dit? [Die suster sê: "Ek was in die dienste."—Red.] Jy was in die dienste. Maar ek wat jou ken, ek ken nie.

207 [Broer Branham talm, en draai dan na die gehoor—Red.] Jy het vir jouself gevra. As jy sal glo, sal daardie artritis jou verlaat. Ja. Sy het daar gesit, haar hoof gebuig, gebid. Dit sal weggaan, as jy dit sal glo. Jou man, glo jy dat God vir my kan openbaar wat sy probleem is? Glo jy dat God vir my kan sê? Jy was so bly om te weet dat sy gaan gesond word daarvan. Jy het 'n prostaatprobleem wat jou pla. Steek jou hand op.

208 Ek het hulle nog nooit gesien, in my lewe nie. Sê my wat hulle aangeraak het. Nou vra net daardie vraag. Wat het hulle aangeraak? Hulle het my nooit aangeraak nie; hulle is dertig voet van my af. Maar hulle het daardie Hoëpriester aangeraak.

209 As ek 'n vreemdeling vir julle mense is, waai julle hande soos *hierdie*. Julle—julle—julle twee mense wat hier sit, as ek. . .Wuif net julle hand soos *hierdie*, as ek 'n vreemdeling vir julle is. Sien? Sien? Julle het net daar gesit. En die dame het gebid, jy sien; en Hy, wat hier gestaan het, het net so omgedraai soos Hy het in die Bybel. Nie—nie ek wat gedraai het nie; Hy wat my gedraai het.

210 Kyk, ek ken nie daardie dinge nie. Dis net soos hierdie mikrofoon, dis heeltemal stom sonder dat iets daardeur praat. Maar julle kan my deur hierdie mikrofoon hoor, (is dit reg?) maar die mikrofoon kan nie praat, vanself nie. Dit het geen stem nie. Ek ken nie daardie mense nie. Kan julle nie besef dis in die Teenwoordigheid van God, wat dit gebruik, om julle Sy Teenwoordigheid te wys nie? Druk regdeur vanaand!

211 Nou ons wat vreemdelinge vir mekaar is, jy is jonger as wat ek is. Ons is waarskynlik jare uitmekaar, en myle uitmekaar gebore, en hier ontmoet ons vir die eerste keer. Nou toe Dit soontoe gegaan het, kan ek net gaan; Dis 'n Lig, ek hou Dit dop,

julle sien. Die Heilige Gees is ’n Lig, ons weet dit. Maar as die Here Jesus my sal help om te weet wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienaar is, en weet dat dit nie ek is nie, dat dit Hy is?

212 Ek is net Sy dienaar, soos daardie mikrofoon. Nou, hierdie, hierdie lessenaar hier is ’n deel van die meubels van die huis, maar dit is nie gemaak om te praat nie; dit hou my Bybel. Die mikrofoon sal nie my Bybel vashou nie, dit dra my stem. Wel, daar’s verskillende gawes in die kerk; party is Sy stem; party is ’n visioen, party is ander dinge wat hulle doen. Maar ek is net deur visioen, as Sy dienaar.

213 Nou as God vir my sal laat weet wat jou probleem is, waarvoor jy hier is, sal jy my glo, en glo dit is die Woord van God. Jy ly aan ’n infeksie. Die infeksie is in die vel. [Die suster sê: “Dis reg.”—Red.]

214 Sien dit? Sy weet of dit die waarheid is of nie. Sien? Nou, hoe meer jy met haar sou praat, hoe meer sou gesê word. Sy’s ’n baie goeie persoon.

215 Terloops, kyk hiernatoe net ’n oomblik; dan die res van hulle, as julle hulle ’n bietjie vinniger moet bring. Laat ons ’n paar minute praat, omdat jy so ’n goeie persoon is. Nou jy weet dat iets met jou gebeur het. Nou tussen my en jou is daar ’n Lig. Het jy ooit die foto Daarvan gesien? Dit staan reg tussen my en jou. Ek kyk na jou, deur daardie Lig. Sien? En glo jy God kan vir my sê wie jy is? Hy het vir Simon gesê wie hy was.

216 Hoeveel glo dit nou? Hier is ons met ons hande op, ons is totale vreemdelinge.

217 Hulle noem jou “Florence,” en jou van is McAllister. [Die suster sê: “Dis reg. Dis reg.”—Red.] Glo jy dat God vir my kan sê waarvandaan jy is? [“Ja.”] Jy’s nie van hier nie. [“Nee.”] Jy’s van ’n plek genaamd Lawrence, Kansas. [“Dis reg.”] Dis reg. Nou gaan terug, Jesus Christus maak jou gesond. Um-hum.

218 Hê geloof in God. Sien? Sien wat? Nou wees asseblief eerbiedig. Moenie beweeg nie. Sien, moenie beweeg nie.

219 God genees diabetes. Glo jy dit? Glo jy dat Hy jou genees het? Gaan dan net voort, sê: “Dank U, Here.” En glo dit met jou hele hart, en jy sal genees word.

220 Glo jy dat God daardie vroueprobleme kan genees, wat jy het? Gaan dan net voort, sê: “Dank U, Here. Ek glo dit met my hele hart.”

221 Goed, laat die dame kom. Jy het ’n damesprobleem, en jy het ook diabetes. Glo jy dat God jou kan genees? Hou net aan stap, sê: “Dank U, Here,” en glo dit met jou hele hart nou.

222 Kom. ’n Senuweetoestand wat ’n maagprobleem veroorsaak. Glo jy jy kan nou jou aandete eet? Gaan, sê: “Dank U, Here.” Eet jou aandete, en glo met jou hele hart.

223 God genees hartprobleme. Glo jy Hy sal jou hartprobleem genees? Goed. Gaan, glo dit, en Hy sal dit doen, jy sien, as jy glo.

224 Wat as ek nie enigiets vir jou gesê het nie, net om geloof te wys wat ek glo jy het, net hande op jou lê, glo jy jy sou gesond word? Kom verby. Jy is alreeds genees toe jy daarbo vertrek het, met daardie Dis in elk geual waar.

225 Natuurlik. Enigiemand sien hierdie vrou is kreupel, dit was haar hele lewe lank. Maar nog 'n ding wat jy het, is 'n maagprobleem wat jou pla, wat jy wil. . .Hou net aan loop, sê: "Dank U, Here." Glo met jou hele hart, en gaan, en glo jy dit.

226 Glo jy God sal daardie artritis genees, en jou laat gesond word, en jy huis toe gaan? Gaan, glo dit met jou hele hart.

227 Hoeveel daarbuite glo, almal van julle? Hier sit 'n man wat net hier sit en na my hier kyk. Sien julle nie daardie Lig wat oor hierdie man net hier hang nie?

228 Eintlik, waarmee hy gepla is, is oor 'n oorgewigsprobleem. Dis reg. Steek jou hand op as dit. Glo jy God sal jou genees? Jou vrou wat daar langs jou sit, glo jy dat God vir my kan sê wat haar probleem is? Glo jy? Sal jy, dame? Jy glo ek is Sy profeet, Sy dienaar? Dit verblind mense wanneer jy sê "profeet." Glo jy dat ek Sy dienaar is? Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? Hoë bloeddruk. Glo met jou hele hart nou, en dit sal jou verlaat, omdat jy glo.

229 Hierdie gekleurde seun wat hierbuite op die punt van die sitplek sit, wat aandagtig dophou, wat dink jy hiervan, meneer? Glo jy dat dit van God is, jy wat daar sit? Jy het so ernstig na my gekyk. Ek ken jou nie. Jy's 'n vreemdeling vir my. Maar jy ly aan 'n probleem. Glo jy God kan vir my sê wat dit is? Jy glo? Dis 'n allergie. Dis reg. Glo jy dat God jou sal genees? Een groot ding omtrent jou, is dit, een van jou grootste probleme is dat jy teruggeval is. Jy wil eintlik terugkom na God. As dit waar is, steek jou hand op, kom dan hier. [Die broer staan op en kom vorentoe—Red.] Jou sondes is vir jou vergewe, my broer.

230 Jy sê: "Hoe weet jy dit?" Dieselfde Een wat vir my gesê het wat verkeerd was met hom.

231 Hoeveel hierbinne wil julle sondes vergewe hê? Sal julle op julle voete staan? Julle wil julle sondes vergewe hê? Ek wil net kyk of julle eerlik genoeg is om dit te doen. Dankie. Wonder of julle reguit hier sal uitstap en hier sal staan saam met hierdie man wat pas vergewe is, sê: "Ek wil my sondes vergewe hê. Ek is eerlik daaroor." Julle kan nie. . .

232 Komaan, daar is meer as dit hier. Nou, as onderskeiding siektes en krankhede onderskei, onderskei dit sonde. Julle weet dit. Hoe sou ek weet hierdie man was 'n sondaar? Dis reg, kom

reguit uit en kom reguit af. Ons net. . . Sal julle dit doen, net vir 'n oomblik? Kom hier en staan net 'n oomblik, sê: "Ek wil vergewe word, broer. Ek wil hê God moet my vergewe van my verkeerde. Ek besef dat ek in Sy Teenwoordigheid is. Ek gee nie om wat my bure dink nie. Ek—ek kom in elk geval. Ek is volhardend. Ek wil gered word, vanaand. Ek glo God. Ek wil net nou kom en al my sondes weggewas hê."

233 Is dit in die haak om predikers te roep? Hoeveel predikers is hierbinne, wat glo dat hierdie mense 'n reg het om gered te word deur die genade van God? Ek wil elke prediker hê wat dit glo, om hier te kom staan saam met hulle nou terwyl ons bid, elke prediker wat geïnteresseerd is in verlore siele. Ek het nie gedink ek sou dit doen nie, maar ek weet beter as om nie Sy Stem te gehoorsaam nie. Hy het vir my gesê om dit te doen. Dit mag hulle laaste keer wees, ek weet nie.

234 Hoeveel weet dat dit is wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was? Dan is dit sekerlik weer Hy. Dis onmoontlik vir 'n mens, enige mens, om so-iets te doen. Ons is in Sy Teenwoordigheid. En hier sien ons Hom, vanaand, wat doen. . . "As Ek verhoog word, sal Ek almal na My toe trek." Sien? Ons sien Hom hier wat dieselfde ding doen as wat Hy het toe Hy hier op aarde was. Kan ons nie nou volhardend wees nie? Druk reg in. Wat het ons hiernatoe laat kom? Wat het dit alles veroorsaak, in elk geval? Dis God. Glo julle dit?

235 Ek wil hê elkeen van julle predikerbroers moet vorentoe stap en julle hande op een van hierdie belydende mense daar sit.

236 Nou, my dierbare broer, suster, julle wat by die altaar bely, wat het julle laat kom? Julle het nie gekom deur julle eie krag nie. Julle het gekom omdat iets julle oortuig het dat julle verkeerd is. Julle wil vergewe word. Toe julle daardie arme, gekleurde seun gesien het, daardie Etiopiese seun wat daar gestaan het, weggegaan het van God, en die Heilige Gees het geopenbaar dat hy 'n sondaar was. Daardie selfde Heilige Gees het jou net nooit uitgeroep deur my lippe nie, maar Dit het jou geroep, en hier is jy, vanaand, wat net so staan soos daardie seun. Bely jou sondes nou voor God. Glo Hom met jou hele hart, en Hy sal elke sonde wat jy gedoen het vergewe, en Hy sal jou terugneem vanaand op die basis van jou belydenis en gemeenskap. Hy sal dit doen as jy Hom net sal glo.

237 Nou laat ons ons hoofde buig, oral in die gehoor, en almal baie eerbiedig. Nou laat ons bid. Elkeen van julle, bely julle sondes. Hy is hier. Die Heilige Gees is hier. Dit is wat roep. Nou glo net met julle hele hart, bely dat julle verkeerd is, vra Hom om julle te vergewe. En elkeen van julle broers, bid saam met hierdie mense.

238 Hemelse Vader, ons kom nou in die Naam van die Here Jesus, om U te bedank vir U groot genade en krag vir ons,

Here. Dat ons, die onwaardiges, ver hieronder in 'n laat, afsluitingstyd. Ons vra dat U genade verleng sal word, Here, verder, totdat die laaste siel ingebring is. Vanaand, omdat U verskyning voor ons is, laat dit mense oor elke omstandigheid druk, om hier op te kom, om te glo dat hierdie die uur is wat hulle sondes vergewe sal word vir hulle, en dat hulle vry sal wees van hierdie aand af aan. Skenk dit, Hemelse Vader. Mag elke sonde van hulle af weggaan.

239 U het gesê: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Hoewel julle sonde soos skarlaken was, tog sal hulle wit wees soos wol; rooi soos karmosyn, hulle sal so wit wees soos sneeu." Ons dompel onder die vloed van die Bloed van Jesus Christus in. Deur geloof neem ons hierdie mense, belydend, in daardie Teenwoordigheid van God in, in die Bloed van die Seun van God in, en vra vergifnis vir hulle. Ons vra hierdie versoek in Jesus se Naam. Vergewe elke sonde en neem hulle in U sorg, Vader. Soos hulle bely, bring hulle terug op grond van U belofte. U het gesê U sou dit doen, en ek weet U sal. Hulle is Uwe, Vader. Ons gee hulle vir U, in die Naam van Jesus Christus.

240 Elkeen van julle wat nou om die altaar staan, wat waarlik bely het julle is verkeerd; en in die Teenwoordigheid van God, julle glo ek is Sy profeet, en glo dat wat ek vir julle gesê het die Waarheid hieroor is, en julle glo dat julle sondes weg is; en julle nou, deur geloof, breek julle deur daardie sluier, in die Teenwoordigheid van God in, en sê: "Here, ek glo U net nou, en aanvaar U"? Steek julle hande op, en sê: "Ek doen dit." Elkeen om die altaar, steek jou hande op, en sê: "Ek doen dit. Ek glo dit nou." God seën julle nou. Amen. Dis hoe om dit te doen. Dis reg. Net deur geloof, breek deur daardie sluier.

241 Nou terwyl julle reg op dieselfde gronde is waarop julle staan, dat julle vergewe is, nou, broers, lê julle hande weer terug op hulle vir die doop van die Heilige Gees. Net waar julle staan, lê julle hande net op hulle nou, en bid dat hulle die doop van die Heilige Gees ontvang, wat net hier staan.

242 Here Jesus, stuur U krag oor hulle, soos 'n magtige rukwind. Stuur nog 'n herhaling van Pinkster; en vul die mense, nie die kamer nie, die mense, met die Vuur van Heilige Gees, en vergifnis, en demonstrasies van krag, deur Jesus se Naam. Amen.

Volhardend AFR64-0619
(Perseverant)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 19 Junie 1964, by die Munisipale Ouditorium in Topeka, Kansas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org